

## VAN TAFELVALLEI NA VERGELEGEN: DIE LEWE EN WÊRELD VAN ANNA MARGARETHA SIEK (1695-c1771)

**Schalk W. le Roux**

*Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria*

*Posbus 1357, Gordonsbaai 7151*

### **From Table Valley to Vergelegen: Anna Margaretha Siek (1695-c1771)**

Anna Margaretha Siek, daughter of a potter from Bremen, grew up at the turn of the 17<sup>th</sup> Century when Simon van der Stel, and subsequently his son Willem Adriaan, were governors at the Cape. By this time the Cape was not merely a halfway station but a settlement where officials of the Dutch East India Company (VOC) and the Free Burghers had to jointly assist to satisfy the wishes of the VOC. When she reached her teens, the rivalry however resulted in the insurrection of the burghers and the recall of the governor to the Netherlands. At the age of fifteen Siek married the new owner of Van der Stel's renowned farm, Vergelegen. After the death of her first husband she managed the farm alone, as she again did when she and her second husband no longer shared conjugal rights. In this article an attempt is made to trace her life based on the written and archival sources, and also to reconstruct the plans of her's and other's contemporary dwellings. This article is part of a series which draws from the documentation of early Cape history so as to reconstruct the life and times of five women.

**Key words:** Barend Gildenhuis, Free Burghers, Inventories of the Orphan Chamber, Liesbeek, Michiel Otto, Anna Margaretha Siek, Table Valley, Vergelegen.

Anna Margaretha Siek, die dogter van 'n pottebakker van Bremen, het met die wenteling van die 17<sup>de</sup> na die 18<sup>de</sup> eeu in die Kaapse Vlek grootgeword in die tyd toe Simon van der Stel en sy seun, Willem Adriaan, die goewerneurs was. Teen hierdie tyd was die Kaap nie meer net 'n halfwegstasie nie maar 'n nedersetting waar die Kompanjiamptenare en Vryburgers saam die wense van die VOC (Verenigde Oos-Indiese Kompanjie) moes help verwesenlik. Hulle mededinging het egter in haar tienerjare tot die opstand van die burgery en die goewerneur se herroeping na Nederland gelei. Toe sy vyftien jaar oud was, het sy met die nuwe eienaar van Willem Adriaan van der Stel se Kaapse buiteverblyf getrou en op Vergelegen, sy uitsonderlike plaas, gaan woon. Na haar eerste man se dood behartig sy die plaas alleen, soos sy

ook gedoen het nadat sy en haar tweede man van tafel en bed geskei is. In hierdie artikel word gepoog om haar lewe in argivale bronne en geskrifte na te loop en om die planne van haar en ander tydgenootlike huise te rekonstrueer. Die artikel sluit by ander aan en poog om 'n historiese beeld van die lewe van vyf vroue uit die vroeë gedokumenteerde Kaapse geskiedenis te teken.

**Sleutelwoorde:** Barend Gildenhuis, Inventarisse van die Weeskamer, Liesbeek, Michiel Otto, Anna Margaretha Siek, Tafelvallei, Vergelegen, Vryburgers

### **Anna Margaretha Siek in die Tafelvallei**

Die vyftienjarige Anna Margaretha Siek is op 31 Augustus 1710 met Barend Gildenhuis in die huwelik bevestig. Hulle het hulle op Vergelegen in die kom van die Hottentots-Hollandberge gevestig.

Sy was die oudste van die drie dogters van Johann Siek en sy tweede vrou, Geertruij Helm. Hy was 'n pottebakker van Bremen in Duitsland wat voor die einde van 1693 na die Kaap gekom het.<sup>1</sup> Sy eerste vrou is voor sy koms in Europa oorlede en sy seun, Johann, ook 'n pottebakker, en dogter, Geesje, het in Vegesack, die noordwestelike distrik van Bremen aan die Weserrivier, agtergebly.<sup>2</sup>

Of Jan Siek, soos hy algemeen bekend gestaan het, as pottebakker in die Kaap werksaam was, is onduidelik. 'n Bestaan kon wel uit dié vakkundige beroep gemaak word omdat daar 'n behoefte aan gebruiksware vir die huis en wynkelder was. Kommandeur Jan van Riebeeck het reeds in 1654 opdrag gegee dat pottebakkersgereedskap gemaak moes word<sup>3</sup> en, volgens sy opvolger, Zacharias Wagenaer, was die gebrek aan pottebakkers en hulle ware nege jaar later steeds 'n groot probleem. Wagenaer het gehoop om 'n pottebakker uit Batavia te verkry, maar dit het nie gebeur nie. Eetgerei was veral nodig omdat daar, anders as in Indië, nie

<sup>1</sup> Sy naam verskyn in 1692 vir die eerste keer in die monsterrol. Die volgende jaar verskyn dit saam met dié van Geertruyd Alberts (sic). Teen 1695 word sy wel Geertruyd Helmus genoem en word een kind, dit is Anna Margaretha, vir hulle aangedui. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), VC 39/1, Monsterrolle van Vryliede 1660-1700, pp. 110, 137, 155 (1692, 1693 & 1695). Swede het eers in 1666 sy aanspraak op Bremen laat vaar na die Tweede Sweedse Oorlog. K. Elmshäuser, *Geschiede Bremens*, München, 2007), p. 60. Dit is gevolglik meer korrek om van Germaanse as Duitse afkoms te praat.

<sup>2</sup> J. Hoge, *Personalialia of the Germans at the Cape*, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, no. 9 (Kaapstad, 1946), p. 396; J. Hoge, *Bydraes tot die genealogie van ou Afrikaanse families* (Amsterdam, 1958), p. 57. In Anna Margaretha Siek en Barend Gildenhuis se testament bemaak sy, sou sy kinderloos sterf, f250 elk aan haar "halwe broer en suster", Jan Siek en Geesje Siek van Vegesack by Bremen. KAB, MOOC 7/1/2 no. 132 (03.02.1712).

<sup>3</sup> D.B. Bosman, & H.B. Thom (reds.). *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*, Deel I, 1651-1655 (Kaapstad, 1952), p. 198 (06.02.1654) (hierna *Dagregister Jan van Riebeeck*).

kalbasse, bamboes of breëblaarplante en ook nie houtgedraaide voorwerpe was wat vir die doel aangewend kon word nie.<sup>4</sup> Twee jaar later is ’n nuwe pottebakkerij ingerig. In April 1665 skryf Wagenaer aan die Here XVII dat hy twee pottebakkers van ’n skip gehaal het om ’n bekwame plek met ’n oond op te rig en, vyf maande later, teken hy aan dat die eerste “deverse soort afgebacken en verglaest aertewerk uijt de oven in dese nieuwe pottebakkerij” gehaal is. Die kwaliteit was goed en dié middag is die eerste voorwerpe op die mark verkoop.<sup>5</sup> Maar reeds die volgende jaar was daar ’n oorproduksie en is die pottebakkers na die steenmakery verskuif om dakpanne te maak. Wagenaer beveel by sy opvolger aan om een van die pottebakkers vry te stel en die oond en gereedskap aan hom te verhuur.<sup>6</sup>

Siek is in 1693 met Geertruyd Helm in die Kaap getroud.<sup>7</sup> Anna Margaretha is op 13 Maart 1695 gedoop<sup>8</sup> en in 1697 en 1699 het sy twee susters, Dorothea en Johanna, bygekry. Die familie het op die oog af ’n beskeie lewe gelei en Siek se naam kan net hier en daar in die rekords opgespoor word, meestal wanneer hy nietige, maar bruikbare, huishoudelike artikels op boedelveilings aangekoop het. So het hy tussen 1701 en 1705 vyf ou deure, drie katels en ’n strykyster, ses bierglase, ’n koei met twee kalwers, enige knope, ’n tabaksakkie en ’n leë kis teen minimale bedrae by verskillende verkopings aangeskaf.<sup>9</sup>

<sup>4</sup> A.J. Böeseke (red). *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer 1662-1666* (Pretoria, 1973), p. 305 (16.05.1663) (hierna *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer*).

<sup>5</sup> A.J. Böeseke (red). *Resolusies van die Politieke Raad 1 1651-1669* (Kaapstad, 1957), p. 334 (26.08.1665) (hierna *Resolusies van die Politieke Raad*); *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer* (1973), p. 352 (19.04.1665) & p. 222 (26.09.1665). Wagenaer skryf dat dit op die “passer” verkoop is. Dit is ’n verwringing van die Maleise “pasar” wat as markplek of markdag gelees kan word. C. Kruskamp, *Groot woordenboek der Nederlandse taal II* (\*s-Gravenhage, 1976). Wie die eerste twee pottebakkers was, is nie bekend nie. G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (Kaapstad, 1981), p. 76.

<sup>6</sup> A.J. Böeseke (red). *Memoriën en instructiën 1657-1699* (Kaapstad, 1966), p. 86 (24.09.1666) (hierna *Memoriën en instructiën 1657-1699*). Tot die jaar voor Siek se aankoms kan slegs een vrypottebakker, Jan Six, in die rekords opgespoor word. G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (1981); Kaapstad: Historiese Publikasie-Vereniging, p. 76. Dit is verleidelik om te dink dat dit dalk na Jan Siek kon verwys het, maar daar was ’n tydensoortlike Jan Six in die Kaapse distrik. J 183 Opgaafrolle: opgaafrol van die Kaapse distrik 31.12.1692, p. I. In 1701 is die plaas Fleurbaix by Stellenbosch deur Pierre le Fèvre aan Johannes Siks verkoop. KAB, CTD 16, Title Deeds Stellenbosch and Drakenstein districts 1698-1722, pp. 117-118 (15.10.1701).

<sup>7</sup> ABID, Stellenbosch, *Kerkenboek van de Caap van Goede Hoop...* Huwelike 1665-1695 (27.09.1693) (hierna *Kerkenboek van de Caap van Goede Hoop...*)

<sup>8</sup> *Kerkenboek van de Caap van Goede Hoop...* Doop 1665-1695: “een kind van Johan Siek en Geertruij Helmeus”. Haar ouma, Geertruyd Willems (Helm), en Michael Ditmar was die getuies (13.03.1695).

<sup>9</sup> KAB, MOOC10/1.24 Vendusierol van Adriaan van Brakel (10.02.1701); MOOC10/1.9 Verkoop van die eiendom van Godfried Meijhuizen (13.04.1697); MOOC10/1.18 Vendusierol Jan Dirksz de Beer (29.04.1701); MOOC10/1.34; Verkoop van goedere uit boedel Zacharia Visser van die plaas Roodebloem (01.08.1705); MOOC10/1.36 Vendusierol Jan de Souza (23.12.1705).

Omdat Jan Siek se naam van 1704 af alleen in die Monsterrolle verskyn, is Geertruyd moontlik reeds in daardie jaar, toe haar oudste dogter nege jaar oud was, oorlede.<sup>10</sup> Drie jaar later, op 11 Desember 1707, is Siek met die weduwee Margaretha van Neerkassel getroud,<sup>11</sup> wat reeds in besit van ’n erf en ’n woonhuis was, beide in die Tafelvallei, wat sy in 1702 en 1703 bekom het. Agt jaar na haar huwelik het sy haar besittings aan Jan Siek en drie kinders uit twee vorige huwelike nagelaat. Jan Siek was ongeletterd, maar merk die dokument met sy voorletters.<sup>12</sup> Hoewel geen geldwaarde aan die besittings gekoppel is nie, bied die eiendom en die inhoud daarvan ’n beeld van ’n gevestigde middelklas huishouding. Siek is ses maande later oorlede en al wat verder van hom bekend is, is dat hy op 2 Augustus 1696 van diefstal van die Kompanjie se brandhout aangekla en beboet is. Hy het die oortreding beken en aangevoer dat hy deur een van die Kompanjie se houtkappers gehelp is.<sup>13</sup>

Toe Anna Margaretha Siek twaalf jaar oud was, het sy na alle waarskynlikheid saam met haar pa en susters na die huis van Margaretha van Neerkassel verhuis. Dié drievtrekhuis waarby twee afdakke aangebou is, was in blok W, direk oos van die Kompanjietuin. Erwe is tussen 1700 en 1705 in dié blok en die twee blokke aan weerskante daarvan uitgegee.<sup>14</sup>

Van haar jeugjare is geen rekord nie, maar ’n mens kan tog oor een tydverdryf bespiegel – wandelings in die naasliggende tuin van die Kompanjie.<sup>15</sup> Volgens Valentyn, wat dit besoek het toe sy tien jaar oud was, is enigeen daar toegelaat solank die vrugte en groente met rus gelaat is. Hy raak liries oor die tuin wat toe reeds deur die Van der Stels van ’n kostuin na ’n gemengde tuin verander is waar uitheemse plante akklimatiseer en inheemse plante versamel is.<sup>16</sup> Die beddings, skryf Valentyn, was omring deur boomlanings en hegge om die aangeplante sitrusbome, olywe, moerbeie, amandels, pere, waatlemoene, spanspekke en groente teen die wind te

<sup>10</sup> In 1707 word sy naam saam met dié van Margrieta van Neerkassel aangetoon. KAB, VC 49 Monsterrol van Vrijeluijden, pp. 79, 100, 103 & 144.

<sup>11</sup> Soms “Neercassel” gespel, maar “Neerkassel” in haar inventaris. <http://www.stamouers.com/siek.htm>; KAB, MOOC 8/3.67, Inventaris van Margareta (sic) van Neerkassel (26 .07.1715).

<sup>12</sup> KAB, MOOC 8/3.67, Inventaris van Margareta van Neerkassel (26 .07.1715). Hy merk ook ’n ander dokument op soortgelyke wyse. KAB, MOOC 8/2.85 Inventaris van Jacob Vliet (17.08.1713).

<sup>13</sup> KAB, CJ 3 Oorspronklike Regsrolle en Notule (Krimineel en Siviel), p. 85 (02.08.1696).

<sup>14</sup> A. Malan, The cultural landscape, in N. Worden (ed.). *Cape Town between East and West* (Auckland Park, 2012), p. 6. Die blokke V, W en X word begrens deur die huidige Stal-, Parlement-, Spin en Pleinstraat. Neerkassel se ander eiendom, ’n onbeboude erf, was op die westelike rand van die nedersetting in Blok NN wat deur Derde Bergdwardsstraat (Langstraat), Bergstraat (Langmarkstraat) en Kerkstraat begrens is. KAB, MOOC 8/3.67, Inventaris van Margareta van Neerkassel (26 .07.1715); J.L. Hattingh, Grondbesit in Tafelvallei, Deel 1: Die eksperiment: Vryswartes as grondeienaars, 1652-1710, *Kronos* 10, 1985, p. 33.

<sup>15</sup> Soos haar pa was die hooftuinier, Jan Hartog, ook van Germaans/Duitse afkoms. W.J. de Kock, & D.W. Krüger (reds). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II* (Pretoria, 1986), p. 297.

<sup>16</sup> M.C. Karsten, *The Company’s garden at the Cape and its superintendents* (Cape Town, 1951), p. 12.

beskerm. Daar was blokke appelkose, vye, appels, kersies, granate, piesangs, pruime en okkerneute, asook medisinale plante. Sitbanke in die skaduwee en ’n kabbelende stroompie moes “de afgesloofde en scheurbuikziekte vlootelingen een ongemeene verquikking geeft...”<sup>17</sup> Kinders kon daar speel en onder die berankte priële kon ’n mens verborge vertoef sonder om gesteur of gevind te word. Die destydse oostelike hooftoegang tot die tuin was oorkant die huis van Anna Margaretha se stiefmoeder. Daar sou sy ook Peter Kolbe, wat in die tuinhuis gewoon het en jare later haar eerste testament sou opstel, en die baastuinier, Jan Hartog, op hulle gereëldede wandelings raakgeloop het.<sup>18</sup>

As negejarige sou sy en haar familie in Januarie 1704 die inwyding van die nuwe kerk, ’n hanetree van hulle huis aan die onderpunt van die tuin, bygewoon het nadat hulle tot dan dienste in ’n saal in die Nieuwe Kat in die Kasteel bygewoon het.<sup>19</sup> Die kruiskerk, met afgeknotte binnehoeke om ’n oktagoon te vorm, was haar eerste kennismaking met die argitektoniese idees van goewerneur W.A. van der Stel – vormeienskappe wat sy later by Vergelegen sou herken.<sup>20</sup> Later in dieselfde jaar sou die kinders die onsuksesvolle pogings om ’n spinnery in ’n afdak naby die kerk te vestig met belangstelling dopgehou het<sup>21</sup> en, aan die bopunt van hulle straat oorkant die tuinhuis, is die Kompanjie se stalle ook in hierdie jare ingerig.

Uit Margaretha van Neerkassel se inventaris kan afgelei word dat die huis deur die kombuis betree is, dat daar kamers aan weerskante van dié vertrek was, asook twee afdakke wat bes moontlik agter die huis geleë was. Dit skep ’n beeld van die sentrale betreding van die latere ontwikkelde Kaaps-Hollandse huise, hoewel in hierdie geval deur die kombuis, maar daar is geen aanduiding of simmetrie, of selfs ’n poging tot simmetrie, ’n rol in die uitleg gespeel het nie. Die syvertrekke word slegs as kamers aangedui sonder dat besondere funksies aan hulle toegewys is.<sup>22</sup>

<sup>17</sup> E.H. Raidt (red), *François Valentyn Beshryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende*, 1 (Kaapstad, 1971), pp. 98-106.

<sup>18</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van Kaap de Goede Hoop* (Amsterdam, 1727), p. 50; M.C. Karsten, *The Company's garden at the Cape and its superintendents* (1951), p. 91.

<sup>19</sup> G. Hofmeyr (red) *NG Kerk 350* (Wellington, 2002), p. 56.

<sup>20</sup> H.J. Mandelbrote (transl.), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 1 (Cape Town, 1921), p. 129; Y. Brink, *They came to stay. Discovering meaning in the 18<sup>th</sup> century Cape country dwelling* (Stellenbosch, 2008), pp. 116-122.

<sup>21</sup> Die eiers het nie uitgebroei nie en al wat van hierdie poging oorgebly het, was die naam Spinstraat. In 1728 is weer met sywurms geëksperimenteer, maar ook hierdie poging het skipbreuk gely. H.J. Mandelbrote (transl.), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* 1 (1921), p. 117.

<sup>22</sup> Vertrekke wat doelgerig vir slaapkamers opsy gehou is, word deur omtrent geen van die inventarisse tot na 1712 as sodanig aangeteken nie en beddens is eers na 1770 tot bepaalde kamers beperk. C. Woodward, Domestic arrangements at the Cape in the inventories for 1700-1712, *Restorica* 10, December 1981, p. 14; A. Malan, The archaeology of probate inventories, *Social Dynamics* 16(1), June 1990, p. 3.

Volgens Mentzel het huise aan weerskante van die Kompanjiestuin voor- en agtertuine gehad.<sup>23</sup> Die Neerkassel-huis kon gevolglik terug van die straat gebou gewees het met ’n agterplaas. Dit wil verder voorkom of die huis met sy lang sy na die straat gefront het; daarom die beskrywing van kamers aan die linker- en regterkant van die kombuis/aantrede. Die kamer aan die linkerkant is as stoorplek vir die meer waardevolle skottels en porseleinware en, met drie katels, verematrasse, bulsakke kussings en komberse, ook as hoofslaapkamer gebruik.

Die kamer aan die regterkant is duidelik as woon- en eetkamer gebruik. Daar was spieëls, skilderye, boeke, silwer voorwerpe, Japannese teegerei en selfs ’n voëlhok. Soos in die ander kamer, was hier ook twee tafels waarby geëet kon word. In die deeglik toegeruste kombuis word die verwagte gebruiksware opgeteken, maar is daar slegs ’n “tafeltien” en “klijn thetafeltien”, duidelik nie groot genoeg vir ’n familie wat uit minstens ses mense bestaan het nie. Terwyl die porseleinware in die slaapkamer en voorhuis gestoor en vertoon is, was daar tinborde en lepels vir daaglikse gebruik in die kombuis. Om een of ander rede was daar, toe die inventaris opgestel is, geen stoele in die huis nie, dit terwyl agtien op die solder getel is.

Anna Margaretha en die ander twee dogters moes saam met hulle ouers in die kamer met die drie beddens en kosbaarste besittings geslaap het, of sy kon ook haar nagte saam met haar stiefsuster, Aletta Nobel, onder een van die afdakke deurgebring het.<sup>24</sup> ’n Katel met kussings, komberse, kapstokke en waskomme, en selfs spieëltjies en skilderytjies, is hier opgeteken. Die tweede afdak kon, na aanleiding van die inhoud daarvan, as werkplek vir ’n pottebakker dien. Daar was ’n houtbalans met sy skale en nog vier skale wat vir die weeg van klei gebruik kon word, twee lei[klippe] waarop gewerk kon word en twee *stoven*, moontlik bedoel as ’n “inrichting om bepaalde waren deur warmte te drogen; droogoven.”<sup>25</sup> Die “partij Caabse aerde potten” in die slaapkamer is gevolglik waarskynlik deur Jan Siek agter sy eie huis gemaak.


Drie slawe, Jan Baptist, Fransis, Diana, en ’n seun, Lodewijk, het op die solder gewoon wat, as gevolg van die inhoud daarvan, oor die volle lengte van die huis of minstens die groot kombuis moes gestrek het. Afgesien van sewentien stoele, ’n ebbehout kerkstoel en agt stoelkussings is ook vate, sout en twee lotte gesprokkelde (allerlei) rommel daar opgeskryf. In die agterplaas was veertien osse, ossewa en ’n

<sup>23</sup> H.J. Mandelbrote (transl.), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope* 1 (1921), p. 136.

<sup>24</sup> Van Neerkassel se oudste seun, Harmanus Fissers, gebore uit haar huwelik met Hendrik Vissers, was reeds 25 jaar oud toe sy ma in 1707 met Jan Siek getroud is. Haar seun, Ezijas Nobel, toe een-en-twintig, was in Batavia. KAB, MOOC 8/3.67, Inventaris van Margareta van Neerkassel (26 .07.1715). Die afdak kon toegebou gewees het. A. Malan, *Chattels or colonists? ‘Freeblack’ women and their households*, *Kronos* 25, 1999, p. 61.

<sup>25</sup> C. Kruskamp, *Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal* II (1976): *stoof*.

perd. Twee saals en tome is in die kombuis geberg. Van Neerkassel se besittings is van vertrek tot vertrek aangeteken en bied 'n leidraad vir die herkonstruering daarvan<sup>26</sup> (Figuur 1).



Figuur 1. Wat planvorm betref, hoef die Neerkassel-huis nie ver af te wyk van James Walton se opmeting van 'n huis in Tulbagh nie, behalwe dat die leefkamer in die Neerkassel-huishouding nie sentraal was nie.<sup>27</sup> Walton se plan kan gevolglik aangepas word om die inligting in die inventaris te reflekteer, maar sekere aspekte bly onbeantwoord. Was daar 'n deur na die agterkant van die huis en hoe het die afdakke – wat waarskynlik, maar nie noodwendig nie, teen die huis aangebou was, daar uitgesien? Die plasing van die kaggel in die kombuis is ook onseker. As die huis as 'n tweevertrekwoning begin het, sou die posisie daarvan teen die gewel gewees het; indien dit van die begin af uit drie vertrekke bestaan het, kon dit deur die agtermuur na buite projekteer het.

Tekening deur Hannes Jacobs

<sup>26</sup> A. Malan, The archaeology of probate inventories, *Social Dynamics*16(1). June 1990, pp. 2 & 3.

<sup>27</sup> J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Cape Town, 1989), p. 15.

Die aantal slawe, osse, ossewa en perd, asook die nette versameling gebruikware in die kombuis en die porseleinware wat in die slaapkamer geberg is, dui daarop dat die familie gerieflik gelewe het.

Dit was uit hierdie huis dat Anna Margaretha in 1710 in die huwelik bevestig is. Die dorpshuise van die families Siek en Gildenhuys in die Tafelvallei was nie ver van mekaar nie en hulle sou mekaar ook op Sondae in die Kaapse kerk raakgeloop het.

### **Barend Gildenhuys van Roodenburg**

Anna Margaretha Siek se eerste man, Barend Gildenhuys, wat op 6 Junie 1682 in Kaapstad gedoop is,<sup>28</sup> was die seun van Albert Barends Gildenhuys van Burgsteinfurt in Wesfale en die weduwee, Margaretha Hoefnagels (\*28.3.1649) van Legden.<sup>29</sup> Hy het op 'n plaas langs die Liesbeek opgegroeï en daar saam met sy pa geboer totdat hy 'n eie plaas kon aanskaf.

Albert Barends Gildenhuys het in September 1661 as matroos aan boord die *Princes Roijael* in die Kaap aangekom en reeds voor die einde van die maand burgerskap ontvang.<sup>30</sup> Vir die volgende drie jaar, 1662 tot 1665, het hy as kneg by verskeie boere gewerk, onder andere Jacob Cloete, wat 'n plaas langs die Liesbeek gehad het.<sup>31</sup> Hierna is hy terug na Europa waar hy getroud en 'n eerste seun, Arend, gebore is. Die familie het in c.1672 na die Kaap teruggekeer waar Elsje die volgende

<sup>28</sup> J.A. Heese & R.J.T. Lombard, *South African genealogies 2, D-G* (Pretoria, 1989), p. 451. Die van word op verskillend in die rekords gespel: Gildenhuys, Gildenhús, Gildenhuijs, Gildenhúijsen, Gildenhuisen. Gildenhuys is vandag die mees algemene spelling en word, behalwe in die geval van die stamvader of in aanhalings, dwarsdeur gebruik.

<sup>29</sup> In 1689 is hy diaken van die Kaapse gemeente. J.A. Heese & R.J.T. Lombard, *South African Genealogies 2, D-G* (1989), p. 451; H.J. Warnecke, *Die Gildenhaus in Borghorst en Burgsteinfurt* (Stellenbosch, s.a.) GISA, Geldenhuys-lêer, p. 10. Wesfalia is wes van die Weberrivier geleë en is nie ver van Bremen en Vegesack, vanwaar die Jan Sieks gearriveer het nie.

<sup>30</sup> "Albert Gilhuysen of Bergstiertvoort, sailor, Princesse Royael, burgher 23 September 1661." H.C.V. Leibbrandt, *Letters dispatched 1652-1662*, III (Cape Town, 1900), p. 271. Die *Princes Roijael* het die Kaap van Vlie na Batavia tussen 6 en 17 September 1661 aangedoen en, siende dat Gildenhuys se naam nie voor dié datum in die monsterrolle verskyn nie, moet aanvaar word dat hy nie voorheen in diens van die Kompanjie in die Kaap was nie. H.B. Thom, *Journal of Jan van Riebeeck, Volume III 1659-1662* (Cape Town, 1958), pp. 417, 419 (6 & 17.09.1661) (Hierna *Journal of Jan van Riebeeck III*).

<sup>31</sup> KAB, VC 39 Monsterrolle van Vryliede 1660-1700, pp. 14, 18, 22, 26; J.A. Heese & R.J.T. Lombard, *Suid-Afrikaanse geslagsregisters, A-C* (Pretoria, 1986), p. 589; G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (1981), p. 225. Voor Cloete was hy kneg by Herman ter Schelhoven en Cornelis Claas. J. Hoge, *Personalia of the Germans at the Cape* (1946), p. 113.

<sup>32</sup> Hy en Margaretha Hoefnagels word reeds in die monsterrol van 1673 opgeteken. KAB, VC 39/1 Monsterrolle van Vryliede 1660-1700, p. 47. Geen kinders word hier aangedui nie. *Kerkenboek van de Caap van Goede Hoop...* Doop 1665-1695: "een dochtertje van Aelbert Barentsz en Margarita Hoeffnaghels syn huysfrou wierdt genaamt Elsje" (11.05.1674).



jaar gedoop is.<sup>32</sup> Albert Barentsz het vinnig opgang in die ontluikende gemeenskap van Vryburgers aan die Kaap gemaak. Hy het hom naby die plaas van Jacob Cloete op Roodenburg by Rondebosch, langs die plaas van Hendrik Sneewindt, gevestig.<sup>33</sup> Dit was 14 morg groot en daarop was 'n huis en wynkelder.<sup>34</sup> Die familie se huistaal was waarskynlik Duits of Platduits. Beide ouers het uit die Noordwestelike Duitse gebied gekom en Barend se sibbes, Arend en Margaretha, het ook met aankomelinge uit die huidige Duitsland getrou.

In 1677 het Albert Barentsz reeds die vyfde meeste graan aan die Kaap geproduseer en 15 jaar later was hy een van die boere met die meeste wingerdstokke.<sup>35</sup> Hoewel hy in 1681 van brandstigting aangekla is, het daar, volgens De Wet, geen stigma aan so 'n oortreding gekleef nie en is Gildenhuisz in 1690 as kerkraadslid verkies.<sup>36</sup> Andersins het die familie, wat die rekords betref, die plakkate gehoorsaam en was selfs nie soos van hul bure by onwettige veehandel betrokke.<sup>37</sup> Margaretha Hoefnagels het ook 'n inkomste gehad as een van die min plaaslike vroedvroue en hulle het 'n belangrike rol in die afwesigheid van geneeshere gespeel. Vroedvroue is vir hulle werk vergoed.<sup>38</sup>

Met die afhandeling van sy inventaris in 1712 is Albert Barentsz se boedel op

<sup>33</sup> KAB, MOOC 8/1.69 Inventaris van Hendrik Sneewindt (18.10.1701). Sneewindt se weduwee, Abigail Vroom, is na die dood van Elsie Gildenhuis met Jacobus van der Heijde getroud. *Resolusies van die Politieke Raad III 1681-1707*, p. 290. Rouwkoop was geleë tussen die hedendaagse Camp Groundweg, die Liesbeek, Rouwkoop- en Dulwichstraat. M. Cairns, Rouwkoop, *CABO* 3(1) 1989, pp. 26-27.

<sup>34</sup> KAB, MOOC 8/2.61 Inventaris van Albert Barentsz **Gildenhuijs** (09.08.1712). Gildenhuisz moes sedert 1673 reeds op Roodenburg geboer het toe hy 'n klein gedeelte van die plaas, met die huis daarop, van die weduwee van Hendrik Bosch gekoop het. In 1675 was die weduwee van Jan Verhagen wat in 1673 vermoor is, by die Gildenhuyse as huishulp in diens, nadat sy kort na Verhagen se dood by hulle ingetrek het. KAB, VC 39/1 Monsterrolle van Vryliede 1660-1700, pp. 53 & 56 (1675 & 1677): "Annetje Bruyns, is in dienst" [van AB Gildenhuisz en M Hoefnagels]. Die res van die plaas is in 1679 uit die boedel van Hendrik Baart na hom oorgedra. J. Louw & L. Malan, *The Louws of Louwvliet* (Cape Town, 1984), pp. 27, 32.

<sup>35</sup> KAB, C 498 Uitgaande Brieven II: opname van graanopbrengs, pp. 1017-1018 (10.1.1678); J.J.J. van Rensburg, Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika tydens die eerste eeu, 1652-1752, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, no. 17(2), (Kaapstad, 1954), p. 30.

<sup>36</sup> KAB, CJ 2 Oorspronklike Regsrolle en Notule (Krimineel en Siviël), pp. 186-188, 192-193 (21.12.1681 & 29.12.1681); G.C. de Wet, *Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707* (191981), pp. 142, 163, 219.

<sup>37</sup> Die weduwees Mayken Hendricks en Trijntje Theunisz Verwey is in die sewentigerjare vir onwettige handel en die diefstal van Khoivee verhoor. K. Schoeman, *Kinders van die Kompanjie Kaapse lewens uit die sewentiende eeu* (Pretoria, 2006), pp. 235-238.

<sup>38</sup> C.W. Hudson, *Maatskaplike vorms aan die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795*. PhD-proefskrif (Universiteit van die Witwatersrand, 1951), p. 28; *Resolusies van die Politieke Raad* 3, pp. 53-54 (26.10.1682 & 27.10.1682); In 1685 het Sara van Rosendael tien guldens per maand van die Kompanjie as vroedvrou verdien. *Memorien en Instruction, 1657-1699*, p. 218 (Instruksie van H. A. van Reede, 16.7.1685).

<sup>39</sup> KAB, MOOC 8/2/61 Inventaris van Albert Barentsz **Gildenhuijs** (09.08.1712). Volgens die Monsterrolle is Gildenhuisz reeds in 1709 oorlede. Aan die einde van daardie jaar word sy vrou as die

f36767 beraam, waarvan die waarde van sy plaas en geboue op f16000 gestel is.<sup>39</sup> Daar is duidelik intensief geboer want dit was 'n uitsonderlik groot som as in ag geneem word dat die plaas slegs 14 morg groot was en sy seun in 1709 minder as f10000 vir 170 morg van Vergelegen betaal het, waarop ook die meeste geboue was. Albert Barentsz het verder twee erwe waarop drie huise was, in die Tafelvallei ter waarde van f6000 besit.<sup>40</sup> Sy “9 slave jongens groot en klijn” was f2500 werd en sy vate en wyn in die kelder 'n verdere f2240. Uit die inventaris kan afgelei word dat die familie weinig kortgekom het in 'n woonhuis met vier vertrekke waar daar veel meer waardevolle besittings was as wat in die meeste plaashuise in hierdie tyd opgeteken is.

In die voorhuis was nege skilderye, twee rusbanke en 'n groot teetafel; in die groot slaapkamer was 'n stinkhoutledekant met behangsel, 'n geelhoutkas, geelhout en stinkhouttafeltyjies, 24 stelle lakens en slope, wat saam f162 werd geag is, servette, handdoeke, verskeie silwervoorwerpe waaronder 12 lepels en een vurk, ses stinkhoutstoel, vyf porseleinskottels, 'n “grootte schilderije” en drie prentjies. In die kleiner kamer was twee beddens. In die kombuis was nie minder nie as 24 stoel plus 'n gelyke aantal stoelkussings, 36 porseleinborde, 20 porseleinskottels, 'n ovaal tafel, ysterpote asook 'n tertpan, stoofpan, ketel, kandelare, snuiters, blakers en teeketels, alles van koper. Die waarde van die inhoud van die wynkelder was meer as f2400 en dié van die plaasimplimente en vee f2272. Afgesien van die wynkelder word ander buitegeboue nie opgeteken nie en kan nie bepaal word waar die slawekwartiere was, of so 'n gebou vir hulle opsy gehou was, of waar hulle andersins gewoon het nie.<sup>41</sup>

Die tien skilderye was ongewoon omdat die besit van skilderye in die vroeë 18<sup>de</sup> eeu nie eers in Nederland algemeen was nie. Die skilderye, maar veral die uitgebreide versameling porseleinware en silwer tafeware, asook die silwer beslag op die Bybel, dui daarop dat hy gemaklik, maar sonder vertoon, gelewe het. Daar was geen juweliersware of gordyne nie – items wat later in die eeu vertoonstukke van rykdom sou word.<sup>42</sup> Die boedel gaan aan sy vrou, vyf oorlewende kinders en die vier minderjarige kinders van sy dogter, Elsje, wat met Jacob van der Heijde getroud

---

“weduwee Albert Barentsz Gildenhuijs” aangegee. KAB, VC 49 Monsterrolle van de Vrije luiden, p. 194 (1709).

<sup>40</sup> Een van die erwe is op 20.10.1701 in blok L deur W.A. van der Stel aan hom toegeken. KAB, CTD Cape Title Deeds 22.06.1685-15.05.1703, p. 392.

<sup>41</sup> Die slawe van Gildenhuis het tussen 1692 en die opstel van sy inventaris in 1712 van drie tot nege vermeerder. KAB, MOOC 8/2.61 Inventaris van Albert Barentsz **Gildenhuijs** (09.08.1712).

<sup>42</sup> G. Groenewald, A class apart: symbolic capital, consumption and identity among the alcohol entrepreneurs of Cape Town, 1680-1795. *South African Journal of Cultural History* 26(1), June 2012, pp. 22-23.

<sup>43</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 3, 1681-1707*, p. 290. Van der Heijde se naam word ook Heijden en Heiden in dokumente gespel.

was en in omtrent 1703 oorlede is.<sup>43</sup>

In vergelyking met ander Vryburgers, soos Gabriel le Roux en Jean Roi wat onderskeidelik in 1711 en 1720 oorlede is,<sup>44</sup> was Gildenhuisz 'n welaf man en in sy geval is sy vermoëns ook in die huis en huisinhoud gereflekteer, in teenstelling van wat gewoonlik die geval was waar inkomste in die plaas, eerder as die huis, belê is.<sup>45</sup>

Barend Gildenhuis het in 'n groter huis en meer vermoënde gesin as Anna Margaretha grootgeword maar om 'n beeld van sy ouerhuis te probeer skep, is nog moeiliker. Al wat duidelik is, is dat dit na buite nie simmetries was nie behalwe as een of meer van die vertrekke uitermate groot was. Dit kon die kombuis gewees het wat, afgesien van 'n tafel, voetbank en gebruiksware, 24 stoele gehuisves het. Die voorhuis was self nie klein nie want in 1728 was daar, afgesien van die rusbanke en 'n groot ovaal tafel, 16 stoele met hul kussings, asook 'n ledekant.<sup>46</sup> Yvonne Brink argumenteer met oortuiging oor die belang van verdere soeke na die eerste wonings en die gemaklike aanvaarding dat simmetrie van die begin af deel van hulle konseptualisering was.<sup>47</sup> Sy verwys ook na die huis van Abraham de Vijf wat kamer vir kamer met dié van Roodenburg ooreenkom.<sup>48</sup> Sou ons die vaste metode waarvolgens besittings van vertrek tot vertrek in inventarisse aangeteken is aanvaar, het die huis uit twee slaapkamers langs mekaar, 'n voorhuis en 'n kombuis bestaan. Die kombuis moes aan die teenoorgestelde kant van die slaapkamers in 'n langhuis geplaas gewees het omdat kamers agter die voorste vertrekke, wat van die plan 'n T of 'n L sou maak, as sodanig aangedui sou gewees het. Of die groot slaapkamer deur die kleiner een of deur middel van 'n gangetjie bereik is, is nie uit die inligting te lees nie (**Figuur 2**).

Dit wil voorkom of die ouers in die groter kamer met sy enkele stinkhoutledekant geslaap het en Barend se jongste suster, Anna, in die kleiner kamer daarnaas. Toe die inventaris ingedien is, was Albert Barentsz reeds drie jaar oorlede en sy dogter, Margaretha, en haar man, Hendrik du Plooy, wat hierna op Roodenburg geboer het,

<sup>44</sup> S.W. Le Roux, Marié-Catherine le Fèvre en van haar tydenote aan die Kaap, 1686-1782. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Vol. 22, no. 2, 2012, pp. 123 & 128.


<sup>45</sup> KAB, CJ 2579 Testamente 1691-1700 no. 19, pp. 70-73, Testament van Albert Barentsz Gildenhuijs vryburger en oud-diacon en die erbare Margareta Hoefnagels (11.07.1694); K. Schoeman, *Portrait of a slave society, the Cape of Good Hope, 1717-1795* (Pretoria, 2012, p. 596.

<sup>46</sup> KAB, MOOC 8/5.21 Inventaris van Margaretha Gildenhuijsen (06.08.1728).

<sup>47</sup> Lewcock skryf dat “dat die plan van die Kaapse huise in die 18de eeu 'n amper feitlike voorbeeld van klassieke simmetrie” was. R.B. Lewcock, Recent research into Cape architecture. *Bulletin van de Koninklijke Nederlandsche Oudheidkundige Bond*, vol. 64 no. 5, 1965, pp. 167-168. Hierdie idee is meestal baseer op die bewyslewering van plekke wat later in die eeu opperig of verander is en word deur die inventarisse weerlê, altans in die tyd waarbinne hierdie kort geskiedenis afspeel.

<sup>48</sup> Y. Brink, *They came to stay. Discovery meaning in the 18th century Cape country dwelling* (Stellenbosch, 2008), pp. 59-66; KAB, MOOC 8/2.66 Inventaris van Abraham de Vijf (17.11-1712). Die inventaris dui twee kamers aan die linkerkant aan, 'n voorhuis en 'n kombuis.

<sup>49</sup> J. Hoge, *Personalalia of the Germans at the Cape* (1946), p. 316.



**Figuur 2. Moontlike rekonstruksie van die plan van die Roodenburg-huis.  
Die agterste kamer is na Albert Barentsz se dood, maar voor 1728  
deur sy dogter en skoonseun aangebou  
(Tekening deur Hannes Jacobs.)**

kon reeds die plaashuis betrek het.<sup>49</sup> Met Margaretha se dood in 1728 is ’n agterkamer by die huis aangebou en die bestaande groot kamer word die sykamer genoem, die kleiner een ’n kinderkamer en die kombuis aangeteken asof dit wel in die lengte van die huis geleë was. ’n Kleinerige “bottelerij” of spens is by die kombuis ingerig of aangebou, maar die agterkamer is duidelik die hoofslaapkamer en die plek waar waardevolle items bewaar is; in die ouer of sykamer was katels en bulsakke om op te slaap en dit is ook as stoorplek gebruik, terwyl geen bed in die kinderkamer is nie. Daar was ook ’n bed in die voorkamer, ’n groot ovaal tafel (dieselfde as wat haar pa nagelaat het?), skilderye, maar ook twee ploegskare. Nou word ook van ’n solder melding gemaak, ’n ruimte wat nie in haar pa se inventaris genoem word nie. Dit kan beteken dat dit vroeër leeg was, dat ’n plafon ingerig is, of dat die huis in geheel van ’n nuwe en hoër dak voorsien is. Na aanleiding van die vele artikels wat daar geberg is, was dit ’n substansiële ruimte.<sup>50</sup>

<sup>50</sup> KAB, MOOC 8/5.21 Inventaris van Margaretha Gildenhuijsen (06.08.1728). Du Plooy het Roodenburg uit sy skoonvader se boedel gekoop. H. Robinson, *The villages of the Liesbeeck from the sea to the source* (Wynberg, 2011), p. 51; J. Louw & L. Malan 1984. *The Louws of Louwvliet* (1984), p. 57; Roodenburg, tussen die huidige College- en Rouwkoop Road, het vroeg in die 19<sup>de</sup> eeu Myrtle Grove geword. C. Pama, *Wagon road to Wynberg* (Cape Town, 1979), p. 4, 51; A.M.L. Robinson, The old estates of Rondebosch and district, in F.J. Wagener (ed), *Rondebosch down the years 1657-1957* (Rondebosch, 1957), p. 15.

## Vergelegen

Nadat hy die vorige jaar 'n gedeelte van Vergelegen, wat aan goewerneur Willem Adriaan van der Stel behoort het, gekoop het, was Barend Gildenhuys op sy troudag in 1710 in besit van een van die bes beplande en ontwikkelde plase aan die Kaap. Omdat geen ander plaas vir hom aangeteken is nie, het hy moontlik tot sy pa se dood op Roodenburg geboer en het sy vader, of sy erfposisie, hom met die aankoop van die plaas gehelp. In 1709 was sy ouer broer, Arend, reeds 'n dekade as boer op “Dwars in die Weg”, wes van Stellenbosch, gevestig. Ook hy het vooruit geboer en in 1704 'n verdere 31 morg grond by die oorspronklike 53 morg gevoeg.<sup>51</sup>

Arend was een van die ondertekenaars van die klagskrif teen die goewerneur, maar die naam van geen ander Gildenhuys kom in enige van die dokumente teen of vir Van der Stel voor nie. Dié onbetrokkenheid met die stryd teen die goewerneur is moeilik te verklaar aangesien Barend en sy pa noue en lewenslange verbintnisse met van die opstandelinge gehad het. Hulle buurman, Jacobus Louw, wat saam met Barend groot geword het, het wel geteken.<sup>52</sup> Hy was met Maria van Brakel, 'n skoonsuster van Adam Tas, getroud. Een van die seuns van Albert Barentsz se vroeëre werkgewers, Jacob Cloete, en die bierbrouer van die nabygeleë Paspensboom, Willem Mensing, wat met 'n suster van Tas getroud was, was ook betrokke.<sup>53</sup> Barend se swaer, Jacob van der Heijde, was die eienaar van die buurplaas, Rouwkoop, nadat hy in 1703 met Abigail Vroom, die weduwee Sneewindt, getroud is. Arend Gildenhuys was met Tas bevriend, terwyl laasgenoemde dikwels by Louw of Van der Heijde aangedoen en oorgeslaap het wanneer hy die Kaap besoek het.<sup>54</sup> Tas teken die Liesbeek-Gildenhuysie nie in sy dagboek aan nie, maar hulle moes deeglik van die stryd bewus gewees het. Die arrestasie van Cloete, Van der Heijde en Louw moes hulle persoonlik geraak het, maar tog het hulle op een of ander wyse nie direk by die georganiseerde opstand betrokke

<sup>51</sup> KAB, CTD 16 Title Deeds Stellenbosch and Drakenstein districts 1698-1722, p. 178 (26.09.1704); H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (Johannesburg, 2004), p. 221; L. Fouché (red), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (Kaapstad, 1970), p. 53. Hy was ook 'n diaken in die Stellenbosch-gemeente en is in 1705 deur Adam Tas as diaken opgevolg. *Resolusies van die Politieke Raad 3 1681-1707*, pp. 400, 432 (14.12.1703, 19.12.1705).

<sup>52</sup> KAB, MOOC 8/1.96 Inventaris van Hendrik Sneewindt (18.10.1701); MOOC 8/4.81 Inventaris van Elizabeth Wendels (25.04.1720); G.M. Theal, *History of South Africa before 1795*, 3 (Cape Town, 1964); Struik, vol. 3, p. 430. Tas noem sy swaer “broer Louw”. L. Fouché (red), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), p. 94. Sy pa was as “Broertjens” bekend voordat hy die van “Louw” aangeneem het. KAB, MOOC8/1.10 Inventaris van Jan Pietersz: Louw (12.03.1694).

<sup>53</sup> L. Fouché (red), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), pp. 88, 93; *Resolusies van die Politieke Raad 3 1681-1707*, p. 304 & 374 (30.08.1700); B. Law, *Papenboom in Newlands Cradle of the brewing industry* (Newlands, 2007), p. 4.

<sup>54</sup> L. Fouché (red), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), pp. 164 (23.01.1706), 184 (12.02.1706).

geraak nie. Anna Margaretha was 'n kind van tien toe die stryd op sy felste was, het in Tafelvallei gewoon en die botsings tussen owerheid en vryburger was waarskynlik reeds op die agtergrond toe Gildenhuis haar die hof begin maak het. Sy naam is van 1702 af apart in die monsterrolle, net na dié van sy ouers en voor die name van die bure, aangeteken.<sup>55</sup> Toe Vergelegen verdeel is, het hy een van die gedeeltes bekom. Hy was 25 jaar oud.

Barend het hom dadelik op die plaas gevestig en het op 10 Februarie 1710 Kommissaris Govert Cnoll, op pad terug van 'n kuur in die warm bad by die huidige Caledon, op middagete getraakteer.<sup>56</sup> Cnoll skryf dat hulle vriendelik ontvang is op die “seer plaisante” en reusagtige plek wat hulle drie uur geneem het om te inspekteer en wat, sonder twyfel, baie tyd, arbeid en geld gekos het om op te bou. Hy en sy medereisigers was honger en het smaaklik aan die gebraaide harders gesmul wat die vrygesel voorberei het.<sup>57</sup>

Ses maande later is Anna Margaretha Siek met Barend getroud en het ook sy haar intrek op Vergelegen geneem.<sup>58</sup> Die huis waarheen sy na haar huwelik getrek het, het in alle opsigte van haar ouerhuis verskil. Dit was in daardie tyd moontlik die enigste Kaapse plaashuis wat deeglik, planmatig en stilisties ontwerp was om die Europese tydsges en die tydensoortlike welgestelde Nederlanders se behepthed met die Franse Barok te reflekteer.<sup>59</sup>

## Die plaas van die goewerneur

Vergelegen, in die kom van die Hottentots-Holland- en Helderberg, is in 1700 deur die besoekende kommissaris, Wouter Valkenier (1659-1710), aan goewerneur Willem Adriaan van der Stel (1664-1733) uitgegee.<sup>60</sup> Nadat Van der Stel in 1706 deur die Here XVII herroep is, is besluit dat die plaas in vier gedeel en dié gedeeltes afsonderlik van die hand gesit en dat die herehuis gesloop moes word.<sup>61</sup> Die proses het gesloer,

<sup>55</sup> KAB, VC 49 Monsterrolle van Vrije luyden, pp. 15, 41, 77, 103, 124, 169 (1702-1708).

<sup>56</sup> In die monsterrolle van 1709 word hy reeds in die distrik van Stellenbosch aangeteken met die weduwee Albert Barentsz Gildenhuisz en Hendrik in die Kaapse distrik. KAB, VC 49 Monsterrolle van Vrijeluyden, pp. 177 & 194 (1709).

<sup>57</sup> C.G. Botha, *Collectanea* (Kaapstad, Van Riebeeck Vereniging, 1924) pp. 70-71.

<sup>58</sup> Aan die einde van 1710 word haar teenwoordigheid in die distrik Stellenbosch aangeteken. KAB, VC 49 Monsterrolle van Vrijeluyden, Januarie 1711, p. 202

<sup>59</sup> B. Biermann, Oor die bronne van die volksbarok, *ArchitectureSA*, Jul/Aug 1989, p. 28.

<sup>60</sup> A.J. Böeseken, *Nederlandsche commissarissen aan de Kaap 1657-1700* ('s-Gravenhage, 1938), p. 26.

<sup>61</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beskrywing van de Kaap de Goede Hoop 2*, p. 388; Landmeter-Generaal, Kaapstad Vergelegen 732, opgemaet deur K.J. Slotsboo wat toe die landmeter was. *Resolusies van die politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 107 (20.10.1709); François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase... Dokumentesentrum, US J.S. Gericke-biblioteek, pp. 28-30 (16.02 & 28.05.1711).

die waardasie van die eiendom is eers op 20 Augustus 1709 deur die Politieke Raad genotuleer<sup>62</sup> en die verkoping het op 31 Oktober 1709 plaasgevind. ’n Gedeelte is verkoop aan die weduwee van Gerrit Cloete, Catharina Harmans.<sup>63</sup> Dit het hierna as Cloetesburg (of Cloetenburg) bekend geword. ’n Tweede deel is deur Jacques Malan aangeskaf<sup>64</sup> en ’n derde deur Jacob van der Heijde.<sup>65</sup> Barend Gildenhuis het die vierde gedeelte gekoop. Dit was 170 morg 80 roede<sup>2</sup> groot en wingerd was op net meer as 21 morg aangeplant. Hierop was die woonhuis, of “boerenhuys” soos dit in die resolusies genoem is, drie skaapskure en krale van gemesselde baksteen, ’n kraal en “hok” vir perde, ’n slawehuis, parskelder, ’n meul en koringskuur.<sup>66</sup> Dié gedeelte van die plaas het die oorspronklike naam tot vandag behou. Gildenhuis se aanbod vir f9500 is op die 14<sup>de</sup> November aanvaar op voorwaarde dat hy dit nooit aan sy swaer, Jacob van der Heijde, sou mog verkoop nie aangesien laasgenoemde “... als reets een groot gedeelte lands en ander vaste goederen bezittende ...”<sup>67</sup>

Die Gildenhuyse het waarskynlik die “boerehuis”, of moontlik selfs die oorblyfsels van Van der Stel se herehuis, betrek want getuienis bestaan wat die algehele sloping van die huis weêrlê, hoewel daar aan die Kompanjie berig is dat ’n begin daarmee gemaak is, en later dat die “grootte woonhuis” afgebreek was.<sup>68</sup> Hans Fransen redeneer dat die agterste gedeelte afgebreek kon gewees het, maar dat die

<sup>62</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 106 (20.10.1709).

<sup>63</sup> Op die oordrag word sy Catharina Lodewijks genoem. H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (2004 ), p. 245.

<sup>64</sup> Dié gedeelte is later in twee verdeel: Morgenster suid en Land-en-Zizith, noord van die Lourensrivier, C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms* (Cape Town, 1971), p. 56.

<sup>65</sup> Later in drie verdeel: Lourensford, Erinvale en Vrede-en-Hoop, nou Oakwood. H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (2004 ), p. 246. Omdat hierdie plaas eens Vellebereiders Molen genoem is, is dit moontlik dat die “Een hok, waar in staat een moolen om leer te stampen, die met water maald...” waarna in die resolusies van die Politieke Raad verwys word, op hierdie gedeelte, vandag Lourensford, gestaan het. *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 106 (20.10.1709)

<sup>66</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 106 (20.08.1709); A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders* (Kaapstad, 1964), pp. 204-205

<sup>67</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 120 (14.11.1709). Van der Heijde is na Elsie Gildenhuis se dood in 1703, met Abigaël Vroom getroud. *Resolusies van die Politieke Raad 3, 1681-1707*, p. 290 (05.07.1695). ’n Naburige plaas, Laaste Gift, is tog nog op 21.10.1711 aan Van der Heijde se jong seun, Albert, oorgedra. François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase..., p. 28.

<sup>68</sup> KAB, C 1454, Politieke Raad, Uitgaande briewe 07.01.1710-15.04.1711, p. 68 [69] (30.03.1710). Volgens die argitek wat die restourasie van die woonhuis vroeg in die 20<sup>ste</sup> eeu afgehandel het, is moontlik slegs ’n gedeelte van die woonhuis gesloop en was die gewel nuut, maar die res van die huis het op die oorspronklike fondamente gestaan. J.M. Solomon (1886-1920) het in 1917 met die restourasie ’n begin gemaak. Dit is na sy dood deur C.P. Walgate (1886-1972) voltooi. Hy was sedert 1920 in vennootskap met L.A. Elsworth (1891-1971). [http://www.artefacts.co.za/Firms/Walgate\\_&\\_Elsworth](http://www.artefacts.co.za/Firms/Walgate_&_Elsworth). Hierdie inligting is in ’n brief aan dr. Mary Cook vervat. A.J. Böeseken, *Simon van der Stel en sy kinders* (1964), p. 204. Kyk ook C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms* (1971), p. 56.

huis onveranderd gebly het tot met die eerste herdekking van die dak en die bou van die voorgewel in c.1740. Dit is dus gedoen toe Anna Margaretha Siek nog op die plaas gewoon het.<sup>69</sup>

Vergelegen was 'n uitsonderlike plaas wat aan die begin van die 18<sup>de</sup> eeu moontlik slegs met die naburige Meerlust, wat aan Henning Huising behoort het, en Groot Constantia vergelyk kon word. Daar is ook moontlik meer oor hierdie plaas en opstal as enige ander tydgetyke eiendom geskryf. Tog is dit nie moontlik om die volle waarheid uit die beskrywings te sif en die werklike omvang van die werf en plaas waar Anna Margaretha gaan woon het, te bepaal nie. Van die weergawes was nie objektief nie en wou Van der Stel se uitspattigheid uitwys óf hom verontskuldig. Een of twee besoekers en reisigers, wat nie by die voorval tussen die goewerneur en sy aanklaers betrokke was nie, het wel skrywes oor hul besoeke aan die plaas nagelaat.

François Valentyn (1666-1727) het in November 1705 die plaas saam met die goewerneur besoek. Hulle het, nadat hy in die Kasteel gepreek het, met 'n koets vertrek en die plaas om middernag bereik. Die volgende dag het hy die “schoon huis” besigtig. Dit was omring, skryf hy, deur 'n dik agthoekige muur om die opstal en vee teen ongediertes te beskerm. Die galery (voor- en eetkamer) was 80 voet (24 meter) lank by 16 voet (amper 5 meter) wyd. Dit het, aan die een kant, 'n uitnemende gesig oor die landerye na Valsbaai gebied terwyl daar, aan die ander kant, 'n vierdelig uitgelegde tuin voorgekom het. Weerskante van die pragtige en besonder aangename galery, wat lugtig en hoog was, was vier fraai kamers en naby hulle vier verdere kamers wat netjies gemeubileerd was. Dit sou waardig wees, meen hy, om, weens die prag en groot koste wat aangegaan is, hierdie plek vir altyd te bewaar, maar die Here XVII het dit goedgevind om die huis te laat sloop.<sup>70</sup> Hierna het hy die plaas met genoegdoening besigtig omdat alles so goed aangelê was. Dit het net meer as 613 morg beslaan waarvan 61 morg onder wingerd was wat 55 lêers goeie wyn opgelewer het.<sup>71</sup>

Die voorstelling van die woning en ander geboue is ietwat anders in die

<sup>69</sup> H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (2004), p. 246. Die plaas is in 1751 aan Jurgen Radyn verkoop. P. Heap, *The story of Hottentots Holland* (Sir Lowrey's Pass, 1977), p. 47.

<sup>70</sup> Valentyn skryf nie hier met eerstehandse kennis of die gebou wel afgebreek is nie, maar baseer sy stelling op die besluit wat die Here XVII in 1706 in 'n brief na die Kaap gestuur het. Hy het nie na 1705 weer die plaas besoek nie. E.H. Raidt (red), *François Valentyn Beshryvinge van de Kaap der Goede Hoop*, 1 (1971), pp. 9, 150-152; Otto Mentzel (1709-1801), wat in 1733 in die Kaap aangekom het, skryf ook dat die huis tot op die grond afgebreek is. Dit was 23 jaar na die verkoping van Vergelegen aan Barend Gildenhuis en, as latere getuienis gelees word, is die huis ongeskonde of gedeeltelik herbou. H.J. Mandelbrote (ed.), G.V. Marais & J. Hoge (transl), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 3 (Cape Town, 1944), p. 47.

<sup>71</sup> Dié 613 morg het die plaas Onverwacht (nou De Bos) ingesluit, wat amper 118 morg groot was. Van der Stel het hierdie plaas in 1703 aan Jan Hartog, die Kompanjie se baastuinier, toegeken en dit drie jaar later by hom gekoop. H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (2004), p. 250; L. Fouché (red), *Dagboek van Adam Tas 1705-1706* (1970), pp. 342-343.




*Korte Deductie*, waarin Willem Adriaan poog om aanklagte teen hom te weerlê. In Junie 1706, skaars sewe maande na Valentyn se besoek, word gestel dat dit 'n enkelverdieping huis met ses kamers is. Verder was daar 'n kombuis onder 'n platdak, vyf klosette of *garde-robies* onder plat of hellende dakke, en 'n klein kelderspens. Die verklaring van die ondergetekendes stel verder dat daar 'n huis vir die messelaar is. Dit het uit twee kamers, 'n voorkamer en 'n agterplaas met afdakke bestaan. Daar was drie skaap- en beeskrale, 'n kamer vir die wynpers, nog 'n kamer vir slawe, 'n hok of stal vir perde en muile, asook twee klein werk- en stoorkamers vir werktuie. Verder, word verklaar, is daar geen ander geboue op die terrein nie. Volgens Van der Stel kan hierdie huis nie as te uitgebreid vir 'n gesin so groot soos syne beskou word nie en dat die woning van Henning Huising, die aanstigter van die klaers, groter, hoër en grootser was.<sup>72</sup> Hierby was 'n afbeelding van die eiendom aangeheg. Hierdie weergawe, wat deur die goewerneur voorsien is, beeld 'n nette, eenvoudige gebou met drie gewels en soldervensters uit teen die agtergrond van 'n onbeskaafde landskap van dreigende berge, wolke en reusagtige leeus wat die rand van die landerye en boorde patrolleer. Die plaas is simmetries uitgelê met jong boorde, 'n boomlaning en kleinerige buitegeboue aan weerskante van die Schapenbergpad.

Die verklaring kom nie heeltemal ooreen met die opname wat die Kompanjie in 1709 laat doen het nie – minstens nie wat groottes betref nie. Hiervolgens was daar 'n “boerehuys” met vier besoldeerde kamers en 'n binneplaas waarom ses kamertjies opgerig is. Daar was drie skaapkrale van baksteen, elk 100x36 Kaapse voet (31.5x11.3 meter), 'n stal vir perde, 46x38 voet (14.49x12 meter), 'n gemesselde parshuis, 150x40 voet (47.5x12.6 meter), 'n meul met sy maalstene en ander toerusting waarby nog 'n perdestal en vyf kamertjies. Hulle was met swaar balke en twee duim dik planke bedek sodat koring daar gestoor kon word. 'n Slawehuis van 122x38 voet (38.4x12 meter), 'n kruisvormige koringskuur en dorsvloer en 'n perdestal by die meule waar leer gelooi is, het die lys van opgetekende bouwerke voltooi<sup>73</sup> (**Figuur 3**).

<sup>72</sup> H.C.V. Leibrandt, *The defence of Willem Adriaan van der Stel* (Cape Town, 1897), pp. 6, 67, 109-110. Kommissaris Cnoll raak in ekstase oor die tuinery en boorde wat in die “dorre omgewing” op Henning Huising se plaas aangelê is, maar beskryf die huis slegs as 'n “redelike steen woningh.” Die verslag van Kommissaris Cnoll, in C.G. Botha, *Collectanea* (1924), p. 62.

<sup>73</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*. Kaapstad, Argiefkommissie, pp. 106 (20.10.1709). Opgrawings deur die Argeologiesdepartement van die Universiteit van Kaapstad het die groottes soos volg bepaal: Slawehuis, 40x12m; meule en perdestal, 38.4x12m; parshuis, 47,5x12m. , A.B. Markell, *Building on the past: the architecture and archaeology of Vergelegen*, *South African Archaeological Society Goodwin Series 7*, 1993, pp. 75, 76, 78.



**Figuur 3: Vergelegen volgens die uitbeelding daarvan in Willem Adriaan van der Stel se verweer.**


(Uit: H.C.V. Leibrandt, *The defence of Willem Adriaan van der Stel*, (Cape Town, 1897), teenoor p. 110)

Die opstellers van ’n argument teen die *Korte Deductie* het, op hulle beurt, ’n voorstelling voorberei. Dit het ’n meer indrukwekkende werfuitleg as dié van die goewerneur aangedui. Dorothea Fairbridge (1862-1931), wat geen goeie woorde vir Adam Tas en sy koterie gehad het nie, bied self ’n afbeelding van hoe die uitleg daar uitgesien het en, ten spyte van haar vyandigheid, blyk die beeld wat die klaers voorgehou het, nader aan die werklikheid as dié van die Goewerneur te wees<sup>74</sup> (**Figuur 4**).

Die uitbeelding wat deur die klaers verskaf is en later grootliks deur argeologiese ondersoek ondersteun word,<sup>75</sup> skets ’n voller prentjie, met ’n soortgelyke, maar meer gelede en vertonerige fasade tot die herehuis, die “boerehuys” aan die oorkant van die vierdelig beplante en dubbelommuurde oktogonale hof, asook skaap- en beeskrale

<sup>74</sup> D. Fairbridge, *Historic houses of South Africa* (Cape Town, Maskew Miller, 1922), pp. 98-100.


<sup>75</sup> Markell, A.B., *Building on the past: the architecture and archaeology of Vergelegen*, *South African Archaeological Society Goodwin Series 7*, (1993), p. 74.



**Figuur 4. Vergelegen voorgestel deur Van der Stel se aanklaers**  
(Uit: D. Fairbridge, *Historic houses of South Africa* (Cape Town, Maskew Miller, 1922), teenoor p. 98)

en 'n melkstal wat vier sye van die ruimte vorm. Buite die hof word die parshuis en duiwehokke, in 'n gebou met smal vensteropeninge, aangedui. Die gekombineerde perdestal en koringmeul en 'n slawehuis met twee skoorstene staan tussen die twee rivierlope waarvan Valentyn skryf. Dit dui ook 'n smidswinkel en leermeule, twee dorsvloere en 'n kruisvormige gebou wat, volgens Fairbridge, 'n koeistal was, maar na aanleiding van die opname van die Kompanjie asook die plasing daarvan, die koringskuur moes gewees het. Naby die rivier is daar 'n steenoond. Hierdie geboue word omring deur uitgestrekte wingerde, boorde en plantasies kamfer- en eikebome<sup>76</sup> (Figuur 5).

<sup>76</sup> Die sentrale deel van die illustrasie in Fairbridge is dieselfde as dié wat deur Pearce as die uitleg aangedui word. G.E. Pearce, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, Batsford, 1957), p. 46. Ook die plasing van geboue kom ooreen met die tekening wat Fairbridge self gebruik.



**Figuur 5: Die uitleg van Vergelegen.**

1. Herehuis, 2. Boerehuis, 3. Oranjerie, 4. Parshuis, 5. Duiwehuis,
6. Slawehuis, 7. Perdestal en koringmeul, 8. Smidswinkel en leermeule,
9. [Koeistal] Koringskuur, 10. Dorsvloere, 11. Steenoond, 12. Lourensrivier,
13. Melkstal, 14. Skaapkraal, 15. Skaapkraal, 16. Beeskraal, 17. Wingerd, 18.
- Wingerd, 19. Boord met verskeidenheid vrugte, 20. Wingerd,
21. Pad na die Kaap, 22. Koringlande, 23. Kamferboomplantasie,
24. Eikebome, 25. Pad na Schapenberg, 26. Pad na die Kompanjie se bosse,
27. Kastaiing- en Okkerneutbome, vye, granate en amandels.

(Uit: D. Fairbridge, *Historic houses of South Africa* (Cape Town, Maskew Miller, 1922), tussen pp. 97 en 98)

### **’n Eerste lewe op die goewerneur se plaas**

Die Gildenhuyse het, wat ook al die werklike omvang van die ontwikkeling op Vergelegen was, ’n opstal en plaas betrek wat – wat grootte, uitleg en belegging betref – in 1710 ongekend aan die Kaap was. Teen Willem Adriaan van der Stel is baie en kan baie gesê word, maar daar is weinig twyfel dat hy ’n wetenskaplike boer en ywerige vormer van die landskap en boukuns was wat in sy eerste jaar as goewerneur omtrent 30 000 akkerbome laat aanplant het<sup>77</sup> en wat, na aanleiding van sy bydrae tot die ontwikkeling van hierdie en ander begrippe in die fisiese omgewings, as die “eerste

<sup>77</sup> G.E.Pearce, *Eighteenth century architecture in South Africa* (1957), p. 56.

Afrikaner beskou behoort te word<sup>78</sup> Hy het met die gehalte en propagering van druiwe, vrugte en skape eksperimenteer om die beste aangepaste produkte vir die Kaap te bepaal. Valentyn noem die twee Van der Stels die twee grootste plaaslike bevordersaars van die land- en wingerdbou. Die jonger Van de Stel het, afgesien van die algemene druifsoorte, ook blokke Frontenac, Russelaar en stokke uit Avignon, Champagne, Bourgogne, en 'n langkorrel Persiese druifsoort op Vergelegen aangeplant.<sup>79</sup> Van die duisende wingerdstokke wat Van der Stel geplant het, het die Gildenhuyse 30 000 gekry, dit afgesien van die uitgestrekte vrugteboorde.

Soos langs die Liesbeek het Barend Gildenhuis en sy familie 'n stil en ongedokumenteerde lewe op Vergelegen gelei. Agtien maande na hul huwelik is die eerste seun vroeg in 1712 gebore en na sy oupa vernoem. 'n Week later het Anna Margaretha en Barend 'n gesamentlike testament op Vergelegen deur Peter Kolbe, toe sekretaris van die Landdros en Heemrade op Stellenbosch, laat opstel<sup>80</sup> en, teen die einde van die jaar, is Barend as diaken vir Stellenbosch verkies.<sup>81</sup> Van 1717 tot die jaar van sy dood het hy ook as sersant in die Stellenbosse Infanterie diens gedoen.<sup>82</sup> Haar lewe op Vergelegen het georganiseer en rustig verloop. Hulle besittings het geleidelik vermeerder en nog drie kinders is met tussenposes van twee tot drie jaar gebore. Met die hulp van gemiddeld elf slawe het die boerdery, waar die grootste aandag aan die 30 000 wingerdstokke en die produksie van wyn geskenk is, in die jare 1715 tot 1720 gestabiliseer<sup>83</sup> en kon Barend ook borg staan vir Jacob van der Heijde, aan wie 'n kontrak vir die lewering van vleis toegestaan is.<sup>84</sup> Teen die einde van 1720 is Anna Margaretha se bestendige lewe op Vergelegen omvergegooi. Barend is gedurende die oestyd, en net voor die geboorte van sy laaste kind, oorlede.<sup>85</sup> Die oudste van haar kinders was elf.

<sup>78</sup> B. Biermann, *Oor die bronne van die volksbarok* (1989), pp. 27-28.

<sup>79</sup> A. Bøegaerts, *Historische reizen door dōostersche deelen van Asia* (Amsterdam, 1711), p. 475; E.H. Raidt (red). *François Valentyn Beshryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I* (1971), pp. 12-114.

<sup>80</sup> KAB, MOOC 7/1/2 Testament van Barend Gildenhuis en Anna Margaretha Siek (03.02.1712). Pieter Kolb(e)n 1675-1725 is later weens die verswakking van sy oë uit die diens van die Kompanjie ontslaan en het in April 1713 na Europa teruggekeer waar sy gesig herstel is en hy tyd aan sy skrywes kon wy. D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III* (Kaapstad, 1977).

<sup>81</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 296 (13.12.1712).

<sup>82</sup> KAB, 1/STB 13 Generale Monsterrolle. Invenarij van Stellenbosch, 1917-1920.

<sup>83</sup> KAB, J 184 Opgaafrolle Stellenbosch 1716, 1717, 1718 & 1720, s.p.; J 185 Opgaafrolle Stellenbosch 1719 & 1723, s.p.

<sup>84</sup> *Resolusies van die Politieke Raad 4, 1707-1715*, p. 464 (19.10.1715).

<sup>85</sup> Sy en Anna Margaretha se gesamentlike testament is op 08.11.1720 by die weesmeester ingedien. KAB, MOOC 7/1/2, no. 132; *Kerkenboek van de Caap van Goede Hoop...* Doop, Stellenbosch 1688-1732: "Johanna Margrita, d' Vader (overlede) Barent Gildenhuijs, d' Moeder Margrita Siek, getu Hendrik Gildenhuis, en Elsie Meijer"(23.01.1721).

Sy moes die boerdery saam met haar slawe, en soms die knegte van Jacob van der Heijde, aan die gang gehou het. Laasgenoemde het in Augustus 1721 'n kuiper, Hendrik van Heezel, op die plaas aangestel.<sup>86</sup> Dit was 'n intelligente en deurdagte besluit van 'n welaf en uitgeslape besigheidsman. Om goeie vate, waarin wyn ordentlik kon verouder, aan boere en tappers te voorsien, was een van die probleme wat kommissaris Ryklof van Goens reeds in 1685 voorsien het. Wynboere het dikwels op vendusies meer waarde aan die vatwerk geheg as aan die wyn wat dit bevat het.<sup>87</sup> In 1719 is 'n lêer wyn byvoorbeeld vir f20.4 op 'n veiling verkoop, terwyl 'n leë lêervat f11.2 gehaal het. Drie jaar later is leë lêervate teen tot f24 verkoop, terwyl dit uit verskeie vendusierolle afgelei kan word dat kopers van wyn dikwels hulle eie vate moes voorsien.<sup>88</sup> Van Heezel sou na die vatmaak vir Van der Heijde kon omsien maar hy kon ook sy dienste aan ander wynmakers bied.

Laasgenoemde was moontlik die grootste rede waarom Van Heezel tot 1726 getrou in sy “Klat Boek”, wat hy van sy aanstelling af tot 1726 gehou het, aangeteken en weeklikse opsommings gemaak het van waar en hoe lank hy elke dag gewerk het. Met die tyd skemer dit deur dat hy as regterhand vir sy eienaar opgetree het en ook die werk op die plaas, die vervoer en uitgee van wyn, asook die doen en late van ander rekord gehou het. Hy begin die inskrywings met: “1721 den 6 Augustus gekomen op vergelegen” en vervolg hierna om 'n rare kontemporêre beeld van die destydse lewe en werk op 'n plaas daar te stel.<sup>89</sup> So teken hy tussen sy werkrekords klein gebeure aan, soos die brandewyn wat 'n kneg saamneem wanneer hy en twee slavinne na Vishoek (Gordonsbaai) gaan; die twee bottels wat Van Heezel en 'n kneg saamneem as hulle dié baai besoek; vertel van 'n kneg se kat wat deur die ander kneg gejaag is en van die slavin wat saam met die kneg, Paul, in sy kamer betrap is.

<sup>86</sup> Van Heezel se verwysing na Paul en Jan wat in 1722 die eettafel met homself en die eienares op Vergelegen deel, is onverklaarbaar. Hulle moes saam met hom van Van der Heijde se plaas gekom het. 'n Kneg word vir die eerste keer in 1723 in 'n opgaafrol vir Otto se Vergelegen aangeteken. KAB, J 185 Opgaafrolle Stellenbosch 1719 & 1723, s.p.

<sup>87</sup> H.J. Mandelbrote, (ed.), G.V. Marais&J. Hoge (transl), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 3, (1944), p. 47; J.J.J. van Rensburg, *Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika* (1954), pp. 55-56. Simon van der Stel het dit ook in sy skrywes na Nederland benadruk dat duie en hoepels aangestuur moes word. KAB, C 1374. Uitgaande briewe 05.01-11.06. 1685, p. 55 (28.03.1685.)

<sup>88</sup> KAB, MOOC 10/2.11 Vendu roll van Elizabeth Wendels (09.05.1719); MOOC 8/4.37 Staat en inventaris van Zacharia Jansz Visser (13.04.1722): “8 leggers onbereijden wijn sonder de fust”; MOOC 8/4.38 Staat en inventaris van Lambert Engels (19.08.1722): MOOC 8/4.48 Staat en inventaris van Arnoldus Krujnsman (05.12.1722).

<sup>89</sup> KAB, Misc. 47a/G5. Hendrik van Heezel zijn klat boek (hierna Kladboek). Ten spyte van die onderverdeling van die plaas was meer as een gedeelte daarvan dus onder die oorspronklike naam bekend.

In September 1721 maak hy op Vergelegen en ook in die Kaap vate. Tot Maart 1722 word 24 lêers wyn na die Kaap gestuur. Vroeg in Oktober is daar begin om die wingerde te top vanweë ’n vroeë Swart Suidoos; ’n paar dae later reën dit sterk en vloei die rivier tot teen die boog van die brug. Van der Heijde, wat toe in die Kaap gewoon het, en sy dogters, asook die Van der Heijde-seuns en Dawid Malan, vertoef soms ’n paar dae op die plaas; ander soos Jan Nieman kom om balies en ander apparaat te leen. Intussen gaan die daaglikse werk voort. In Desember begin hulle graan sny en word emmers wyn aan die werkers op die lande en by die dam gegee. Van Heezel skryf elke emmer neer, so ook die vragte sparre wat die Van der Heijdes daar in hulle waens laai. Of die koei en haar kalf, twee hamels, ’n vet lam en twee osse, wat Van der Heijde in Oktober die vorige jaar vir die goewerneur gestuur het, ’n betaling, geskenk of selfs handgeld was, word nie deur die kuiper verduidelik nie.<sup>90</sup>


Vroeg in Januarie 1722 skryf hy dat hy van 5 tot 15 Januarie, en waarskynlik in die wynkelder, net voor die parsseisoen, by juffrou Gildenhuis werksaam was. In Februarie is almal besig met die pars van druiwe en het hy ook die vate vir die oes, soos by Anna Margaretha, agtermekaar gekry. Paul en Jan, twee ander knegte, het die weduwee ook af en toe op die plaas, saam met Van Heezel, uitgehelp. Op Vergelegen eet hy en die knegte, minstens tot haar tweede huwelik, saam met Anna Margaretha aan tafel waar hulle so tuis voel dat hulle in ’n stryery betrokke kon raak<sup>91</sup> (**Figuur 6**).

Of Van Heezel meer dikwels vir Anna Margaretha, of minstens in haar kelder werksaam was, is onduidelik, maar hy teken ook ander bewegings van haar aan. Uit sy lakoniese inskrywings kan redes nie afgelei word nie, maar haar besoeke aan die Kaap vroeg in Januarie en weer op 4 Februarie 1722, hierdie keer in geselskap van Michiel Otto, dui daarop dat sy besig was met reëlins vir hulle voorgenome huwelik.

---

<sup>90</sup> Kladboek 18.10.1721. In ’n ander inskrywing op dieselfde dag word die osse as twee “ou beeste” aangegee. Die goewerneur was Maurice Pasques de Chavonnes.

<sup>91</sup> Kladboek 25.01.1722. “pouwel en jan heeft woorden gekrijgen bij gildenhuisen aen tafel en jan voor een schelm gescholden.”



**Figuur 6: Inskrywing van sy werk vir “juffrouw Gildenhuizen” in Hendrik van Heezel se “Klat Boek”**

Bron: KAB, Misc. 47a/G5, Hendrik van Heezel zijn klat boek.

### ’n Tweede lewe met Michiel Otto

Anna Margaretha Siek, die weduwee Gildenhuys, is op 1 Maart 1722 met die kinderlose wewenaar van die buurplaas Cloetenburg, Michiel Otto, getroud. Van haar tweede man, wat in sekere kringe berug geword het, is meer as van die eerste bekend. Michiel Otto is op 27 Augustus 1688 in Stettin, aan die suidkus van die Baltiese See in Pommere, gebore.<sup>92</sup> Hy het in 1714 as matroos aan boord die *Rijksdorp* in die Kaap aangekom waar hy as opsigter oor die houtkappers by Steenberg aangestel is.<sup>93</sup> Hy

<sup>92</sup> Volgens sy testament. KAB, 1/STB 18/8 no. 54 Testament van Michiel Otto en Anna Maria Siek (27.06.1733), p. 1. Sy ouers was Johann Heinrich Otto (\*1665) en Dorothea Mauersberger (\*1668). Die Hertogdom van Pommere is in 1648 tussen Pruise en Swede verdeel, terwyl Pomerilia onder die Poolse kroon gebly het. In 1720, ses jaar na die aankoms van Otto, is Stettin (Szczecin in Pools) en omgewing deur Swede aan Pruise oorgedra. Dit is vandag in Pole. V. Otto, *Genealogies of the Otto families*, ongepubliseerde manuskrip (GISA, Stellenbosch, s.a.), p. 1; A.H. Winquist, *Scandinavians and South Africa* (Cape Town, 1978), p. 201.

<sup>93</sup> Die *Rijksdorp* was op haar nooiensvaart van Texel na Batavia en het die Kaap tussen 18 Mei en 30 Junie 1714 aangedoen. <http://www.vocsite.nl/schepen/Rijksdorp>.



het in 1719 burgerskap gekry en in besit van gedeelte 1 van Vergelegen, Cloetenburg, gekom nadat hy met die weduwee Barbara Conterman<sup>94</sup> in die huwelik getree het.<sup>95</sup> In die opgawes van 1720 was hy in besit van drie slawe, twee perde, 24 beeste en 3000 wingerdstokke en het hy 40 mud koring gewen. In die volgende jaar het hy reeds ses slawe gehad, waarvan een 'n slavin en een 'n jong seun was. Sy perde het tot ses aangegroei, sy beeste tot 60 en hy het 500 skape en 10 varke gehad en 70 mud koring geoes.<sup>96</sup> Na sy vrou se dood is hy in 1722 met die welgestelde Anna Margaretha getroud en het ook Vergelegen in sy besit gekom. Hierna kon hy die skuld wat hy vroeër aangegaan het, aflos.<sup>97</sup>

Ten spyte van die verdeling van die plaas is die naam “Vergelegen” in die daaglikse omgang steeds met die geheel geassosieer. Dit word duidelik uit Van Heezel se dagboek en ook die vele amptelike stukke wat die stranding van die *Schonenberg* notuleer het. Die stranding het ook tot een van die blywende Suid-Afrikaanse storiëdraende mites aanleiding gegee. Nuus dat die skip op 20 November 1722 op die rotse geloop het, is deur die kaptein van haar medevaarder, die *Anna Maria*, na die Kaap geneem.<sup>98</sup> Nadat die voorval deur die Politieke Raad bespreek is, is landdros Marthinus Bergh opdrag gegee om hulp na Kaap Agulhas te stuur en om te bepaal of die vrag geberg sou kon word. Van Vergelegen af is berig dat die opper- en onderstuurman en ongeveer 80 bemanningslede op die plaas Onverwacht aangekom en deur die heemraad, Philip Morkel, onder sy vleuels geneem is. Die skipper en omtrent 20 man het by die skip agtergebly.

Die Politieke Raad het besluit dat Jacob Malan (van Morgenster) met die nodige voorrade, waaronder twee slagbeeste wat deur Jacob van der Heijde voorsien is, na die toneel moes vertrek. Die ekwipasiemeester, Cornelis Valk, is afgevaardig om die toestand van die wrak en moontlike ingrypings te bepaal.<sup>99</sup> Kaptein Albert van der Soest was van mening dat feitlik al die voorraad verwyder sou kon word, maar Valk

<sup>94</sup> Barbara Conterman was 'n kleindogter van Barbre le Fèvre, die suster van Marie-Catherine le Fèvre se vader. Sy was ook die stiefdogter van Maria Beijers wat na haar ma se dood met haar pa, Hans Jacob Conterman getroud is. Maria was die kleindogter van Catharina van Paliacatte.

<sup>95</sup> Hy is op die 19 November 1719 met Barbara Conterman getroud, maar die oordrag van die grond na Otto is reeds op die 14 Oktober afgehandel. J. Hoge, *Personalalia of the Germans at the Cape 1652-1806* (1946), p. 304; François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: *Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860*, Deel 2, *Die eienaars van plase...*, p. 30 (14.10.1719). Dié plaas het in 1725 na Daniel Malan gegaan.

<sup>96</sup> KAB, J 184 Opgaafrol Stellenbosch, 1720 & 1721, s.p.

<sup>97</sup> KAB, MOOC 8/4.35 Inventaris van Nicolaes Laubster en Engela Quint (30.12.1721); MOOC 8/4.122 Inventaris van Engela Quint en Jan Tempel (02.10.1726).

<sup>98</sup> M. Turner, *Shipwrecks and salvage in South Africa 1505 to the present* (Cape Town, 1988), p.175; KAB, CJ Criminele Process Stukke, pp. 167-183 (19.03.1723).

<sup>99</sup> *Resolusies van die Politieke Raad VI 1720-1723*, pp. 217 (26.11.1722) & 217-219 (30.11.1722).

het saam met die offisiere besluit en skryf dat berging onmoontlik is en dat die kiel verbrand moes word sodat die veiligheid van ander skepe nie in gevaar gestel sou word nie.<sup>100</sup>

Die vraag wat wel gered kon word, is op een wa, wat van Hendrik Klopper gehuur is, gelaai.<sup>101</sup> Toe hulle deur Houwhoek was, het twee ruiters hulle ontmoet en saamgery tot op Vergelegen. Dit is nie duidelik waar hulle oorgebly het nie, maar dit was waarskynlik by Van der Heijde op die buurplaas van Anna Margaretha en Michiel Otto.<sup>102</sup> Asof hulle geen aandeel in die aangeleentheid gehad het of enige hulp aan die skipbreukelinge gebied het nie, figureer een van die Otto's se name net een keer in die dokumente; dit was in 1724 toe Anna Margaretha getuie was vir landdroos Marthinus Bergh afgelê het oor 'n besoek van Van der Soest aan Van der Heijde se plaas langs die Liesbeek.<sup>103</sup>

Michiel Otto was 'n besige en suksesvolle boer wat die konsessie verkry het om sy eie graan op die plaas te maal<sup>104</sup> en leningplase by Kromrivier naby Knoffelookskraal<sup>105</sup> en by die Compagniesdrift, Sonderendrivier, oor die Hottentots-Hollandberge bekom het.<sup>106</sup> Vergelegen het 'n reputasie vir die produksie van goeie wyn<sup>107</sup> behou en dit was moontlik aan Anna Margaretha, haar seuns en slawe te danke, want Otto het dikwels lang tydperke op sy leningsplase en ander soos Agter't Warme Bad, wat ook in 1734 aan hom behoort het, deurgebring. Reeds in 1729 word geskryf dat hy die gebied tussen die Palmiet- en Sonderendrivier “als aldaar best bekend en landkundig zijnde”. Hy word gevolglik verantwoordelik gemaak vir die onderhoud

<sup>100</sup> Wat hy hiermee bedoel het, is moeilik om te sê, want die skip was volgens Van Soest feitlik op die strand. *Resolusies van die Politieke Raad VI 1720-1723*, pp. 226-227 (13.12.1722), 228-229 (15.12.1722), 235 (05.01.1723).

<sup>101</sup> Vergelegen was natuurlik nie Klopper, wat met Catharina Botha getroud was, se plaas nie. Syne het tussen die Hagelkraal- en Uilkraalrivier, die hedendaagse omgewing van Baardskeedersbos, gelê. *Resolusies van die Politieke Raad VI 1720-1723*, pp. 248, 250; *Suid-Afrikaanse geslagsregisters I A-C*, p. 376 en 4 J-K, p. 334

<sup>102</sup> Van der Heijde het wel later geld uit die skipbreuk verdien. Op 23 Januarie 1723 het hy 'n eis vir die voorsiening van vleis, skape, boontjies, brandewyn en wyn en 'n wa wat hy van Juriaan Appel gehuur het, ingedien. Hy is f697.10 hiervoor betaal, terwyl Philip Morkel f84 vir die versorging van die skeepslui op sy plaas gekry het. Ook Klopper is vir die huur van sy wa betaal. *Resolusies van die Politieke Raad VI 1720-1723*, p. 273 (23.02.1723), 319 (04.05.1723).

<sup>103</sup> Sy word slegs Margaretha Gildenhuys genoem en beskryf as die “nigt” van Van der Heijde; sy was natuurlik sy skoonsuster. KAB, C412, Inkomende briewe 1722-1724, p. 806.

<sup>104</sup> G.M. Theal, *History and ethnography of Africa south of the Zambezi* 3 (London, 1910), p. 10.

<sup>105</sup> Ook Knoffelooks Craal, of Knoffelhoeks kraal, in dokumente.

<sup>106</sup> KAB, RLR 9/1, p. 31 (Crommerivier 21.09.1730); RLR 9/3, p. 551 (Avontuur by Compagnies drift 04.04.1732).

<sup>107</sup> Mentzel, wat andersins geen goeie woord oor Otto gebesig het nie, sê dat slegs Constantia se wyn beter as dié van Vergelegen was. H.J. Mandelbrote (ed.), G.V. Marais & J. Hoge (transl.), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 3 (1944), p. 47.

van die wapad van Hottentots-Holland tot by Botrivier, vanwaar dit, tot by die Riviersonderend deur Jan Swart en Jurgen Appel gedoen moes word.<sup>108</sup> Verder word hy, Jan Swart, en die houer van die Kompanjiespos by Riviersonderend, korporaal Engelbregt Foestman,<sup>109</sup> opgedra om te bepaal hoeveel hout en ander materiaal nodig sou wees om brûe oor die Bot- en Palmietrivier te bou, asook waar die beste plekke vir oorgange sou wees.<sup>110</sup> Die afvuur van die kanonne by Houwhoek, De Swarte Berg en Hessequase Kloof, wat alarms ooswaarts moes dra, was almal sy verpligting.<sup>111</sup> By De Swarte Berg was een van sy knegte hiervoor verantwoordelik.<sup>112</sup>

Gedurende sy leeftyd het Otto die reputasie van ’n wreedaardige slawe-eienaar opgebou. Dit was waarskynlik te danke daaraan dat hy in ’n toestand van dronkenskap die dood van een van sy mees waardevolle slawe veroorsaak het.<sup>113</sup>

“In my tyd”, skryf Otto Mentzel (1709-1801), wat self van 1734 tot 1736 op ’n plaas by Bottelary deurgebring het, “het ’n boer genaamd Otto (algemeen as Michel Os bekend) die beste plaas in Hottentots-Holland besit. Dit was bekend vir sy wynbou; maar hy was ’n woestaard en het sy slawe wreed behandel. Gevolglik het baie van hulle gedros en in die hande van die Fiskaal en die wet opgeëindig.” Vir die geringste oortreding, vervolg hy, was om hulle af te ransel vir hom ’n te ligte straf. Gewoonlik het hy in die somer slawe wat oortree het nakend aan bome laat bind, hulle liggame met heuning gesmeer sodat hulle vir ure deur vlieë, wespe, hommelvee en ander peste, veral blinde vlieë, gefolter is. “Maar nadat hy baie slawe verloor het en verskeie kere streng deur die regering vir sy onmenslike gedrag gestraf is, het hy kwaad geword, die plaas in sy vrou se hande gelaat en vir homself ’n huis in die stad gekoop; daar het hy sy eie wyn in grootmaat verkoop en wat hy nie verkoop kon kry nie het hy self gedrink [sodat hy] nooit heeltemal sober was nie. Wanneer enige boer ’n ongehoorsame slaaf gehad het, was die dreigement om hom aan Otto te verkoop of aan hom te gee indien hy nie sy houding verbeter nie, gewoonlik ’n beter afskrikmiddel as enige ander straf omdat alle slawe bang was vir hom.”<sup>114</sup>

<sup>108</sup> Swart het reeds in 1714 weiregte teen die Sonderendrivier en Otto se veepos, de Klijne Zwartrivier, is in 1727 aan hom toegeken; Appel het weiregte in 1725 te Eselsjacht aan die Sonderendrivier bekom. *Resolusies van die Politieke Raad VIII* p. 42 (23.06.1729)

<sup>109</sup> *Resolusies van die Politieke Raad VII*, p. 349 (08.07.1727).

<sup>110</sup> *Resolusies van die Politieke Raad VIII* p. 42 (23.06.1729); KAB: C 431 Inkomende Briewe 1729-1730, pp. 243-245.

<sup>111</sup> *Resolusies van die Politieke Raad VIII*, p. 379 (2/4.11.1734).

<sup>112</sup> D. Sleight, *Die Buiteposte* (Pretoria, 2004), p. 543.

<sup>113</sup> R.C. Shell, *Children of bondage* (Johannesburg, 1997), p. 96.

<sup>114</sup> Vertaal uit: H.J. Mandelbrote (ed.), G.V. Marais & J. Hoge (transl). *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 3 (1944), pp. 49-50. Of Otto se beweerde behandeling van slawe mettertyd deur oorvertelling vererger het, is nie duidelik nie. Mentzel is die enigste bron en word gewoonlik, soos hier, huidjie en muijie deur historici oorgeneem. Sy vertelling is so spesifiek dat daar waarskynlik ’n saadjie van waarheid in die vertelling moet wees, hoewel geen

In 1721 het Otto ses slawe gehad wat deur sy huwelik met die weduwee Gildenhuis tot vyftien aangegroei het<sup>115</sup> en geleidelik aangevul is deur aankope by boedelveilings.<sup>116</sup> Hy het klaarblyklik, soos Mentzel suggereer, net die bestes aangekoop en by verskeie veilings veel meer of selfs dubbeld soveel vir slawe as die gemiddelde pryse betaal.<sup>117</sup> Die 30 000 wingerdstokke wat Gildenhuis verbou het, is na Anna Margaretha se tweede huwelik tot 22 000 verminder, maar die aantal skape is meer as verdubbel. Tog is meer lêers wyn geproduseer maar die produksie het in die jare dertig geleidelik afgeneem. Dit was moontlik te wyte aan Otto se afwesigheid, of selfs sy onbetrokkenheid by enigiets anders as veeboerdery,<sup>118</sup> maar twee van haar seuns was teen hierdie tyd in hulle vroeë twintigerjare en kon help met die boerdery.<sup>119</sup> Hendrik is twee jaar tevore reeds onafhanklik aangeteken.<sup>120</sup>

Teen 1739 was Vergelegen, behalwe wat die wynbou betref, in volle produksie. Ten spyte van die swak druiweoes was dit tog in pas met dié van die nedersetting, maar het oor die volgende drie jaar drasties verbeter.<sup>121</sup> Die plaas- en huiswerk is behartig deur 20 slawe, een slavyn en daar was nog ses slaweseuns en -meisies in die slawehuis. Hulle was verantwoordelik vir 20 perde, 500 beeste, 800 skape en nege

---

tersaaklike saak of straf teen hom tot dusver in die Argief opgespoor kon word nie. KAB, CJ Criminele Process Stukke 8-24 (1722-1742) en 322-346 (1718-1742). Hoewel van sy nabye bure en tydgenote vir soortgelyke aanklagte skuldig bevind is, word Otto nie eers in *Trials of slavery* genoem nie. N. Worden & G. Groenewald, *Trials of slavery* (Cape Town, 2005), pp. 107-114; K. Schoeman, *'n Duitser aan die Kaap, 1724-1765: die lewe en loopbaan van Hendrik Schoeman* (Pretoria, 2004), pp. 204-206.

<sup>115</sup> KAB, J 184, J 185 & J 186 Opgaafrolle Stellenbosch distrik, 1719-1721, 1722, 1723.

<sup>116</sup> KAB, Fortuin van Madagaskar, MOOC 10/3.46 Vendurol van Joost Rhijnhard Schenk (25.10.1723); Baatjoe van Sambouwa, Moeda van Slaaijer & Dam van Madagascar, MOOC 10/4.127 Vendurol van Anna de Coning (12.07.1734); Arend van Bengalen, MOOC 10/4.157 Vendurol van Johannes Blankenberg (17.06.1737). Shell het ook die name van Titus van Bengale (1722), Jason (1723), Alexander en Caesar van Madagascar (1724) uit die rekords aangeteken. Shell, R.C. *Children of bondage* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1997), p. 96.

<sup>117</sup> By die vendusie van Anna de Coning is 29 slawe teen 'n gemiddelde prys van 148.6f opgeveil. Otto het drie slawe gekoop: Baatje van Sambouwa @ 291f, Moeda van Slaaijer @ 295.1f en Dam van Madagascar @ 183f. KAB: MOOC 10/4.127 Vendurol van Anna de Coning (12.07.1734). By die veiling van Willem Pas het hy Leeuw van Boegies vir 682f gekoop. Dit was amper dubbeld as die tweede hoogste prys wat vir enige van die twintig slawe betaal is. KAB, MOOC 10/4.141 Vendurol van Willem Pas (12.07.1735).

<sup>118</sup> Hoewel Otto in die Stellenbosse infanterie diens gedoen het, het hy geen kerklike of staatsamp beklee nie. KAB, 1/STB 13 Generale Monsterrolle. Invalerij van Stellenbosch, 1717-1720.

<sup>119</sup> Dit wil voorkom of Albert Barend Gildenhuis (gedoop 1712) in omtrent 1730 oorlede is. In dié jaar word vier seuns vir Anna Margaretha aangeteken en die volgende jaar slegs drie. Hy sou toe 18 jaar oud gewees het. KAB, J 188 Opgaafrolle Stellenbosch en Drakenstein 1730-1732, 1730, p. 4.

<sup>120</sup> KAB, J192 Opgaafrolle Stellenbosch en Drakenstein 1737, p. 4.

<sup>121</sup> In 1739 was 2 585 wingerdstokke nodig om een lêer wyn te lewer; op Vergelegen was 2 750 nodig. Vier jaar later was die verhouding 1297 stokke per lêer vir die Kaap en 1100 per lêer vir Vergelegen. J.J.J. van Rensburg, *Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika* (1954), p. 53; KAB, Opgaafrolle vir Stellenbosch, J 193 (1739), p. 1 & J 195 (1743-1748), p. 2.

varke, 22 000 wingerdstokke – wat volgens die opgawe agt lêers wyn gelewer het – en die oes van 60 mud koring en dertien mud rog.<sup>122</sup> Die kinders was gesond en besig om hulle geleidelik onafhanklik te vestig. Hendrik is die vorige jaar met Neeltje Swart getroud en hy, die twintigjarige Barend en hulle jonger halfbroer, Michiel Otto, was almal reeds volwasse genoeg om die plaas te help bewerk.

### Die “gesepareerde huisvrou van Michiel Otto”

Die Otto’s se huwelik was nie gelukkig nie. Wat tot die verbroekeling daarvan aanleiding gegee het, word nie in rekords uiteengesit nie, maar Otto se afwesigheid op Vergelegen en langdurige verblyf op sy ander plase, soos wat uit die Resolusies afgelei kan word, kon moontlik tot die verwydering bygedra het. Anna Margaretha was gevolglik dikwels self vir besluite op die plaas verantwoordelik. So was sy selfs verplig om namens hom kontrakte aan te gaan of te kanselleer.<sup>123</sup> Dit kan wees dat haar besluite nie altyd Otto se goedkeuring, of syne hare, weggedra het nie.

Net voor die opgawe vir 1740 gemaak is, het die Otto’s se paaie geskei. In die rol van dié jaar word die inskrywing vir Vergelegen onder die naam van Anna Margaretha Siek, “gesepareerde huisvrou van Michiel Otto”, neergeskryf. In die dokument waarin hulle besluit om te skei aangeteken is, word redes vir dié stap nie uitgespel nie, maar dit was teen hierdie tyd duidelik nie ’n gelukkige samesyn nie. Hulle versoek word toegestaan “tot voorkoming van alle ongelukken die bij een langere tesamen wooninge ongetwyffelt te verwagten waren, door deesen Raad van Tafel, Bed, en gemeenskap van goederen te mogen werden gesepareert...” Of daar enige mishandeling of fisiese geweld ter sprake was, iets wat mens – moontlik ten onregte – van Otto vermag na aanleiding van Mentzel se oordeel, is eweneens onduidelik.<sup>124</sup> Tog, so lui die inskrywing, sou die skeiding aan die State Generaal oorgedra word om sodoende “ruste, vrede en welstand, van haare persoonen en familie ...” te verseker.<sup>125</sup>

In juridiese terme is daar ’n onderskeid te make tussen egskedding en die skeiding van tafel en bed. In eersgenoemde geval word die huweliksverbintenis deur siviele

<sup>122</sup> KAB, J193 Opgaafrol Stellenbosch en Drakenstein 1739, p. 1.

<sup>123</sup> KAB, CJ 2880 Contracten no. 176, p. 469 Marten Smit (05.12.1727).

<sup>124</sup> Dit is verleidelik om die dood van “Flora”, ’n slavin wat skynbaar in hierdie tyd onder die vloer van die slawelose begrawe is, dit terwyl daar ’n begraafplaas was, aan Otto se beweerde gedrag toe te skryf en daarin nog ’n rede vir die skeiding te soek, maar die ondersoek na haar dood het geen klinkklare bewyse opgelewer nie en enige argument moet op bespiegeling berus. C. Terblanche, *Flora rus weer na 250 jaar, Vrye Weekblad* 19-25 April 1991, p. 8; C. Cornell, *Slaves at the Cape. A guide book for beginner researchers* (Cape Town, 2000), p. 13. Verder is dit moontlik om die ondersoek na “Flora” te vernou. Omtrent haar hele lewe is slegs een slavin in die opgaafrolle vir Anna Margaretha Siek aangeteken en is dit moontlik dat die slavin ’n gewaardeerde persoonlike hulp was.

<sup>125</sup> KAB, CJ 834 Civiele Regtsrolle des Casteels 1740, pp. 45-47 (24.03.1740).

prosedure verbreek en kan minstens een van die partye hertrou. Die belangrikste gevolge van die skeiding van tafel en bed was dat die vrou hierna self haar sake kon beheer en wetlik selfstandig geword het.<sup>126</sup> Soos in die geval van Anna Margaretha Siek, hierna tot sy dood genoem die “gesepareerde huisvrou van Michiel Otto”, is daar ook ooreengekom hoe besittings verdeel sou word.

Vergelegen en die plaas aan die Warm Bad het na Anna Margaretha Siek gegaan en ’n pakhuis in Tafelbaai, geleë agter die huis van die weduwee Pieter Heufke,<sup>127</sup> na Otto. Uit die inskrywings in die opgaafrolle kan afgelei word dat Otto agt slawe en omtrent 20 skaap saam met hom geneem het.

Die volgende jaar word Otto apart met sewe slawe, 20 perde en 300 skape in “voor Stellenbosch” opgeteken.<sup>128</sup> Dit wil voorkom of hy op Krommerivier of ’n ander leningsplaas gewoon het, maar sy besluit om die boerdery links te laat, was reeds geneem want hy het ook in hierdie tyd kennis gegee dat hy die weigrond by Compagniesdrift aan die Sonderentrivier gaan verlaat.<sup>129</sup> Dit is die laaste keer dat sy naam in die rolle vir Stellenbosch voorkom. Hierna het hy hom in die Kaap gevestig. Ook hieroor het Otto Mentzel ’n venynige opmerking gemaak: “Die laaste slaaf wat Michael Otto as gevolg van brutale straf verloor het”, skryf hy, “was ’n leerling wamaker wat hom eenduisend guldens gekos het. Dit was die verlies van hierdie man wat die idee by hom laat opkom het om van sy plaas ontslae te raak en sy geld in vrede en gemak uit te drink.”<sup>130</sup>

Anna Margaretha se twee ouer seuns, Hendrik en Barend, kon hulle ma op Vergelegen met die boerdery gehelp het. Hendrik Gildenhuis het reeds twee dogters, maar slegs 20 beeste, gehad en het eers in 1746 na Avontuur, die verlate plaas van Anna Margaretha uitgewyk. Dit was dieselfde plaas wat Michiel Otto in 1740 verlaat het.<sup>131</sup> Sy ongetroude broer, Barend, was ook nog nie onafhanklik nie en het as sy aardse besittings ’n geweer, ’n degen en ’n pistool opgegee. Die sewentienjarige Michiel Otto is nog nie apart aangeteken nie, maar word ook nie op Vergelegen getel onder Anna Margaretha se inskrywing in die Opgaafrol nie. Hy kon gevolglik sy pa vergesel het want hy het later ook op Krommerivier geboer. Toe sy pa die boerdery opgegee het, het hy getuies van goeie gedrag vir sy negentienjarige seun en naamgenoot afgeleë wat om *veniam aetatis*, of status van meerderjarigheid, aansoek gedoen het. Die

<sup>126</sup> A.D. Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop: een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730* (Amsterdam, 1998), p. 226-227.

<sup>127</sup> KAB, MOOC 7/1/6 no. 40 Testament van Pieter Heufke en Johanna Roveen (01.05.1737).

<sup>128</sup> KAB, J194 Opgaafrolle Stellenbosch en Drakenstein 1740-1742, p. 2.

<sup>129</sup> KAB, RLR9/3, p. 665 (07.04.1740).

<sup>130</sup> H.J. Mandelbrote (ed.), G.V. Marais & J. Hoge (transl), *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel* 3 (1944), p. 50.

<sup>131</sup> KAB, RLR 11/2 no. 113, p. 283 (06.04.1746).

aansoek het waarskynlik Anna Margaretha se goedkeuring weggedra, want dit is op Vergelegen onderteken. Die jongere Michiel was, toe die goedkeuring genotuleer is, pas met Johanna Christina Piek getroud.<sup>132</sup> Hy het later 'n plaas, De Rust, langs die Rhebokrivier in Drakenstein gehuur.<sup>133</sup>

Otto was waarskynlik reeds siek en moes in sy laaste dae opgepas en versorg word. Hiervoor het Paul Hartogh 42*f* uit die boedel geëis, terwyl Pieter Paulus Tamé geld vir waarneming van die oorledene se sake geskuld is.<sup>134</sup> Otto is die einde van Oktober of die begin van November 1743 oorlede.<sup>135</sup>

Sy besittings is op twee veilings verkoop. Die eerste het in die Kaap plaasgevind waar die pakhuis tussen Eerste Bergdwarstraat (die huidige St Georgesstraat) en Groentemarkplein (wat toe slegs as die “Pleijn”<sup>136</sup> bekend gestaan het) en 'n huis in blok MM, wes van Derde Bergdwarstraat (Langstraat) aan hom behoort het.<sup>137</sup> Die pakhuis was, volgens die beskrywing in die inventaris, 'n woonhuis wat uit vier vertrekke, 'n klein “pakhuis” en 'n solder bestaan het. Omdat hy die ander woonhuis verhuur het,<sup>138</sup> moes Otto in die voorkamer gewoon het. Volgens die beskrywing was daar 'n skoorsteen, stowe, twee beddens en die ander nodige meubels en gereedskap. Die groot agterkamer is as verkooplokaal vir veral materiale, gare, knope, lakens, maar ook silwer eetgerei, tee en kruie, onder meer saffraan, gebruik. Hier is 2 332 riksaalders in 'n koperketel gevind. Leë asyn- en wynvate, asook ses stoele in die voorhuis, kon beteken dat hy besoekers hier ontvang het.<sup>139</sup>

Die tweede veiling het drie weke later op Vergelegen plaasgevind en het dubbel soveel opgelewer as die eerste. Otto moes steeds 'n leningsplaas gehad het, of van sy besittings het op Vergelegen agtergebly toe hy die plaas verlaat het. Meer as 1 000 skaap, asook veertig beeste en elf perde, is aan die kopers, waarvan verskeie bure

<sup>132</sup> KAB, C 1103 Politieke Raad Rekweste en Nominasies 1742, pp. 191-192 en 195-196 (20.10.1742); *Resolusies van die Politieke Raad X 1740-1743*, p. 207 (25.10.1742); C.C. de Villiers & C. Pama, *Geslagregisters van ou Kaapse Families II L-R* (1966), p. 677. Vroeër in die jaar was die ouer Michiel een van 69 belyers van die Augsburgse Kofessie wat die eerste versoekskrif vir die aanstelling van 'n Lutherse leraar onderteken het. KAB, C 1103 Politieke Raad Rekweste en Nominasies 1742, pp. 129-133. Sy handtekening is op p. 132; *Resolusies van die Politieke Raad X*, pp. 189-182; A.H. Winquist, *Scandinavians and South Africa* (1978), p. 32. Die Kofessie van Augsburg is een van die belydenisskrifte van die Lutherse kerk. T. Kolde, Augsburg Confession and its Apology, in S.M. Jackson, *New Schaff-Herzog encyclopedia of religious knowledge* (London, 1914), pp. 361-363.

<sup>133</sup> V. Otto, *Genealogies of the Otto families* (s.a.), p. 1.

<sup>134</sup> KAB, MOOC13/1/3.57 Boedelrekening van Michiel Otto (21 November 1745).

<sup>135</sup> Otto se testament is op 26 September 1742 en sy inventaris word op 21 November 1743 ingedien. KAB, MOOC 8/6.94 Inventaris van Michiel Otto.

<sup>136</sup> H.W. Picard, *Gentleman's walk* (Cape Town, 1968), p. 58

<sup>137</sup> KAB, MOOC 10/5.48½ Vendurol van Michiel Otto (12.12.1743).

<sup>138</sup> Die huis is aan Pieter Daniel Dantle verhuur. KAB, MOOC13/1/3.57 Boedelrekening van Michiel Otto (21.11.1745).

<sup>139</sup> KAB, MOOC 8/6.94 Inventaris van Michiel Otto.

was, aangebied. Die veertien lêë lêervate was op die plaas omdat dit wil voorkom asof Anna Margaretha hom steeds van wyn voorsien het. Met sy dood het sy hom in werklikheid 17 lêers wyn geskuld waarvoor hy reeds betaal het.<sup>140</sup> Sy het self een van die lêers op die veiling gekoop nadat sy 'n kas en 'n visketel en deksel op die vorige een aangeskaf het. Haar seun, Barend, het ook 'n klompie artikels gekoop en Michiel Otto het baie van sy vader se besittings syne gemaak – van gebruiksware soos touwerk, 'n slypsteen, 'n stampblok en stamper, kissies tee en 'n koffiemeul, Otto se lessenaar en 'n kas, tot perde en een van die slawe, Francies van Mosambiek.

Met sy dood het Otto vier slawe en een slavin besit. Hulle is almal in die inventaris van die pakhuis aangeteken, maar by die veiling op Vergelegen verkoop, asof hulle tot die laaste nog diens aan die oorledene en sy familie moes verrig. Hoewel hulle verkoopprijs van amper 500*f* op 'n swak belegging vir Otto gedui het, het dit nogtans meer as 'n derde van die inkomste van die Kaapse verkoping verteenwoordig. Januarie van Boegies, wat nog in die inventaris opgeneem is, het later in die hospitaal gesterf. Die oorsaak van sy dood word nie aangegee nie, maar Jan Rennebeest het *f*2.36 vir sy begrafnis uit die boedel ontvang; hierteenoor is die boedel met 264*f* vir Otto se begrafnis gedebiteer.<sup>141</sup> Sy en Anna Margaretha se vyf kinders het die restant van die finale boedel in gelyke dele geërf.

## Die weduwee Otto

Hoewel twee van haar seuns haar bygestaan het, het Anna Margaretha, soos na die dood van haar eerste man, die boerdery op haarself geneem toe Michiel Otto die plaas verlaat het. Sy het ook die opvoeding van die vier Otto-dogters, van wie die oudste 13 was, ter harte geneem en 'n kneg, Bernard E. Wit, as skoolmeester aangestel. Hy het maandeliks 15*f* verdien en sou verder voorsien word van tabak, gratis tee, spys, drank en goeie huisvesting. Die kontrak is twee keer verleng en teen die einde van 1744 beëindig toe die jongste dogter tien jaar oud was.<sup>142</sup>

Anna Margaretha was moontlik ook verantwoordelik vir die herdek van die grasdak en die bou van reglynige gewels wat, volgens Hans Fransen, in hierdie tyd gebeur het. Die Kanferbome (*Cinnamomum camphora*) wat deur Van der Stel geplant

<sup>140</sup> Dit was 289*f* of 17*f*/lêer werd. KAB, MOOC13/1/3.57 Boedelrekening van Michiel Otto (21.11.1745).

<sup>141</sup> KAB, MOOC 8/6.94 Inventaris van Michiel Otto, 21.11.1743; KAB, MOOC13/1/3.57 Boedelrekening van Michiel Otto (21.11.1743); MOOC 10/5.59 Inventaris en Vendurolle van Michiel Otto te Vergelegen (06.01.1744).

<sup>142</sup> KAB: CJ2888 Kontrakte, no. 33, pp. 103-105 (06.12.1641 & 07.12.1744). Sy het Wit van Willem Bosman oorgeneem. Om een of ander rede is die kontrak in 1744 namens haar deur haar skoonseun, Jan Jurgen Hamman (Haman), gekanselleer. Hy is in 1738 met haar Gildenhuis-dogter, Johanna Margaretha, getroud. J.A. Heese & R.J.T. Lombard, *South African genealogies 2, D-G* (1989), p. 457.



is, het die woonhuis en sy buitegeboue, wat deur latere opgrawings blootgelê is, steeds in die middag teen die son beskerm.<sup>143</sup> Die driedelige parshuis, slawehuis en koringmeul/ perdestal was nog in gebruik.<sup>144</sup> Dit kom voor of sy haar op die maak van wyn toegelê en die veekuddes geleidelik uitgedun het. Soos die bees- en skaaptrop uitgedun is, is ook die getal slawe op die plaas ingekort. Hulle het, ten spyte daarvan dat hulle minder as 'n vyftiende van Van der Stel se slawe was, in die groot slawehuis gebly.<sup>145</sup> Van die negentien slawe wat sy ná Otto se vertrek gehad het, was daar teen 1750 sewe slawe en een slavin oor. Sy was duidelik in staat, en ook gewillig, om self verder te boer. Die seuns het 'n eie bestaan op ander plase gaan soek, waar nie een by wynboerdery betrokke gebly het nie. Teen hierdie tyd was al haar kinders reeds getroud.

Aanvanklik het dit goed met die wynmakery gegaan en het die plaas meer wyn per stok as die algemene gemiddelde vir alle wynboere gelewer, maar tussen 1746 en 1749 het die produksie op Vergelegen skerp gedaal. Dit kan wees dat sy met arbeid of die bestuur van die boerdery gesukkel het, want 'n opmerklieke verbetering het ingetree onmiddellik nadat haar dogter met Jurgen (Jurriaan) Radyn getroud is en hulle op die plaas kom woon het.<sup>146</sup>

In 1751, toe sy 56 jaar oud was, het sy die noordelike gedeelte van haar plaas aan haar skoonseun oorgedra,<sup>147</sup> maar Anna Margaretha het die leisels steeds in haar hande gehou en alle opbrengste is vir die volgende vier jaar teen haar naam aangeteken. Tot 1756 het Radyn en sy vrou net kinders, slawe en 'n perd as besittings opgegee. Daarna

<sup>143</sup> J.S. Stavrinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Aboina, Suratte, enz.* (Leyden, 1797), p. 69.

<sup>144</sup> H. Fransen, *The old buildings of the Cape* (2004), p. 248.

<sup>145</sup> A.B. Markell, Building on the past: the architecture and archaeology of Vergelegen. *South African Archaeological Society Goodwin Series* 7, 1993, p. 73. Van der Stel het 121 slawe tussen 1699 en 1707 gekoop. K. Schoeman, *Early slavery at the Cape of Good Hope 1652-1711* (Pretoria, 2007), p. 98. Hy het egter oor meer as 250 mense se arbeid op Vergelegen beskik. J.L. Hattingh, Die Klage oor Goewerneur W.A. van der Stel se slawebesit – 'n beoordeling met behulp van kwantitatiewe data. *Kronos* 7, 1983, p. 40

<sup>146</sup> J.J.J. Van Rensburg, Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika (1954), p. 53. Tussen 1741 en 1745 was heelwat minder wingerdstokke op Vergelegen nodig om 'n léer wyn te lewer as wat die gemiddelde vir die Kaap was. Hierna, tot 1749, is hierdie patroon omgekeer totdat dit weer in 1750 herstel is. KAB, J 194, J 195, J 196, J 197 Opgaafrolle 1741-1752. Radyn was die seun van Jan Jurgen Radyn wat in 1714 'n plaas aan die Kliprivier, aan die oostelike hang van die Kweekkraalberge, verkry het. Hy het dit Stettin (Stetty) genoem. Otto was 'n paar jaar jonger as Radyn, maar dit is moontlik dat hulle mekaar voor hulle aankoms aan die Kaap geken het. Radyn het ook 'n plaas, Radyn, by die hedendaagse Villiersdorp bekom, maar het op Vlooiabaai (die Strand) en later Gustrouw in Hottentots-Holland, gewoon. H. Fransen, *A guide to the old buildings of the Cape* (2004), p. 386; P. Heap, *The story of Hottentots Holland* (1977), p. 47.

<sup>147</sup> Landmeter-Generaal, Kaapstad: Vergelegen 732, Stellenbosch, Diagram 1/1751, folio 84 (10.11.1751); François Smuts-versameling, MS 229, J.H. van der Bijl: Die grondeienaars van Stellenbosch 1693-1860, Deel 2, Die eienaars van plase..., p. 30 (10.11.1751 & 21.04.1757).

is 10 000 wingerdstokke vir hom aangeteken toe hy in volle beheer van sy gedeelte van die plaas gekom het. In 1757 het Anna Margaretha die res van die plaas, met die huis, wynkelder en meule daarop, verkoop aan 'n kleinseun van Willem Basson en Angela van Bengale, Arnoldus Maasdorp, wat vyf jaar tevore ook Van der Heijde se gedeelte van die oorspronklike Van der Stel-plaas gekoop het.

In dié jaar besit Anna Margaretha slegs nege slawe, een slavinn en 30 beeste en twee jaar later word geen besittings vir haar aangeteken nie – asof die slawe verkoop is en alles anders na die Radyns, waar sy ingewoon het, oorgedra is. In 1766 word skielik weer 30 beeste as haar besittings beskou en in die volgende jaar het sy twee slawe en 'n slavinn om haar by te staan. In 1771, die laaste jaar dat haar naam in die rol verskyn, het sy steeds twee slawe en 20 beeste.

Teen hierdie tyd is die oorblywende gedeelte van Vergelegen in haar familie se besit feitlik geheel en al in 'n wynplaas omgeskep. Daar was meer wingerdstokke as wat voorheen op die hele plaas voorgekom het en beeste en skape is slegs vir eie gebruik aangehou. Dié plaas is teen die einde van 1799 van Anna Dorothea Otto, die weduwee Radyn, aan haar seun, ook Jurgen gedoop, oorgedra.

## **Kortliks**

Hoewel die lewens van vroue in die vroeë VOC-tydperk in die Kaap meestal agter dié van hulle mans en seuns gesluit is, het ongewone omstandighede en optrede tog neerslag in dokumente gevind.<sup>148</sup> Dit maak dit moontlik om die lewensverloop van sommige individue aan mekaar te las. Een so 'n persoon was Anna Margaretha Siek.

Sy het in die beskutting van Tafelvallei groot geword nadat haar pa sy familie se daaglikse omstandighede verbeter het deur middel van 'n huwelik met 'n welaf weduwee. Dit het haar egter nie vir die plaaslewe, op die rand van die destydse nedersetting waarin sy meteens na haar eerste huwelik gedompel is, voorberei nie. Daar het sy die res van haar lewe, en volgens alle aanduidings met groot sukses, en ook langer as enigiemand anders op Vergelegen deurgebring.

Sy was 'n intelligente, selfs merkwaardige, persoonlikheid wat haar daaglikse lewe, huwelike en die boerdery met oorleg benader het. Haar kinders is met reëlmatige tussenposes gebore en sy was verplig of het verkies om die boerdery self te behartig, eers na die dood van haar eerste man en daarna vir baie jare nadat sy van haar tweede man geskei is en hy, soos haar seuns, veeboerdery oorkant die Hottentots-Hollandberge bo akkerbou verkies het. Omdat Vergelegen op dié wyse in haar besit gebly het, kon

---

<sup>148</sup> “Women’s voices seem absent, but the documents themselves are heavy with their implied presence.” M. Hall. The secret lives of houses: women and gables in the eighteenth-century Cape. *Social Dynamics* 20(1), 1994, p. 3.

sy uiteindelik ook oor die lot van die plaas beskik. Hierdie ‘onafhanklike’ optrede kon met voorbedagte rade gedoen gewees het en sy was nie die enigste vrou wat in hierdie jare deur skeiding of weduweenskap hulle plase behou het om na erfgename van hulle keuse oor te dra nie. Sodoende is eiendom binne familieverband behou.<sup>149</sup> Dit was moontlik ’n strategie wat verdere aandag en ondersoek verdien om ’n aspek van die ekonomiese rol en belang van Kaapse vroue in die VOC-geskiedenis op te helder.<sup>150</sup>

Wat die rekords betref, het sy die plaas met dieselfde sukses en insig as die mans in haar lewe bestuur. Wanneer dit nodig was, het sy die hulp van familie betrek of knegte aangestel om haar met die boerdery behulpsaam te wees en haar kinders te skool totdat hulle in staat was om haar by te staan of, ekonomies onafhanklik, hulle eie weë kon inslaan. Hierna het sy, en weereens sorgsaam, ’n gedeelte van die plaas geleidelik in die hande van haar skoonseun laat oorgaan, sodat ’n gedeelte van Vergelegen vir lank met haar nasate verbind is, iets wat, as gevolg van die Nederlandse gelyke deelbare erfstelsel, nie algemeen in die 18<sup>de</sup> eeu was nie.<sup>151</sup>

Tog is haar eie verhaal ingesluk deur dié van haar manlike nasate en, soos baie van haar vroulike tydgenote, verdwyn Anna Margaretha Siek se naam eenvoudig uit die rekords en kon selfs ’n notering van haar dood nie opgespoor word nie. Dit moes egter in 1771 of vroeg in 1772 plaasgevind het. Ook waar ’n vrou, wat amper vyftig jaar in Van der Stel se droomhuis gewoon en vir meer as sestig jaar op ’n gedeelte van sy plaas geboer het, begrawe is, swyg dokumente en ook die familiegeskiedenis van die Gildenhuyse en Otto’s.

---

<sup>149</sup> Marie-Jean des Prez (1675-1763), weduwee van Jacques Theron(d) het byvoorbeeld eienaarskap van Lanquedoc in Klein Drakenstein van sy dood in 1738 tot haar dood behou, waarna dit aan hulle seun, Thomas, oorgedra is. Net so het Gertruida (Geertruy) du Toit (1692-1766) twee mans oorleef alvorens sy die eienaar van Stellenkeur-Switserland (Suisseland) geword en meer as veertig jaar gebly het. Na haar dood is dit aan haar broerskind, Gabriel du Toit, verkoop wat dit op sy beurt na ’n broerskind oorgedra het sodat die plaas vir ’n eeu ’n Du Toit as bewoner of eienaar gehad het. J.G. le Roux & W.G. le Roux, *Ons Drakensteinse erfgrond: Klein Drakenstein* (Paarl, s.a.), pp. 4-5.

<sup>150</sup> Kyk ook W. Dooling, The making of a colonial elite: property, family and landed stability in the Cape Colony, c. 1750-1834, *Journal of Southern African Studies* 31(1), March 2005, pp. 157-159.

<sup>151</sup> In 1822 beskou Bird, getoë onder die Engelse eersgeboortereg, die “Cape-Dutchmen” as onverknog aan en ongevoelig teenoor die “native spot” en beskou hy dit as die rede hoekom plase nie in families bly nie. W. Bird, *The state of the Cape of Good Hope in 1822* (Cape Town, 1966), pp. 54, 104.